DIE A PRIORISME VAN KARL HEIM.

deur

J. OGLETHORPE.

Pectora roborant cultus recti

Verhandeling ingelewer ter verkryging van die M.A.-graad
aan die Universiteit van Stellenbosch,
Desember 1949.

Jaar van residensie, 1945.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUD.

		p.
INLEIDING	.....	1
DEEL I	DIE TWEE A PRIORI'S VAN KENNIS IN DIE GESKIEDENIS.	
Hoofstuk 1:	Die a priori as beginsel van verwiterliking by Kant	3
Hoofstuk 2:	Die a priori as beginsel van verinnerliking by Bergson	22
DEEL II	DIE TWEE A PRIORI'S VAN KENNIS BY KARL HEIM.	
Hoofstuk 3:	Die primêre ek-dit-relasie	40
Hoofstuk 4:	Die primêre ek-jy-relasie	52
Hoofstuk 5:	Die dimensionele skema	63
SLOT	.....	78
BOEKELYS	.....	85

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INLEIDING.

In die feit van kennis is dear 'n antinomie. Hiervan is die hardnekkigheid waarmee die twee teenstellende omskrywings van wat kennis is, hul verskyning in die geskiedenis van die filosofie maak, die bewys. Daar skyn vir die filosoof wat soek na 'n verklaring van kennis, slegs twee moontlike uitgangspunte te wees, naamlik, aan die een kant die aanname dat die primêre relasie waarin die subjek tot die buite sig staande objek staan, allesbepalend is by kennis van die objek; en aan die ander kant die aanname dat kennis bestaan in die uitwissing van hierdie relasie deur 'n proses van verinnerliking waardeur subjek en objek een word in 'n onmiddellike belewing.

Dit is die hooftema van hierdie verhandeling, dat beide uitgangspunte geldig is, maar dat dit vir die filosofie onmoontlik is om albei gelyktydig te handhaaf. Die hoogste waartoe die filosofie kan kom, is om aan te toon dat enige <u>een</u> van die twee uitgangspunte noodwendig tot 'n gebrekkige verklaring van kennis moet lei. Maar 'n aanvulling van die gebrek deur die samevoeging van beide uitgangspunte, is onmoontlik, want die twee sluit mekaar heeltemal uit. Die filosofie kan derhalwe nooit 'n bevredigende verklaring van kennis bied nie. Daardeur word kennis egter nie onmoontlik gemaak nie. Die beide gronde waarop kennis berus, is geleë in die feit van die subjek se bestaan, en in en deur sy be-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staan word op onverklaarbare wyse die antinomie van kennis moontlik gemaak.

> He who accepts the thesis and rejects the antithesis - sê Martin Buber[1]) in 'n ander verband - does injury to the significance of the situation. He who tries to think out a synthesis destroys the significance of the situation ... He who wishes to carry through the conflict of the antinomy other than with his life transgresses the significance of the situation. The significance of the situation is that it is lived, and nothing but lived, continually, ever anew, without foresight, without forethought, without prescription, in the totality of its antinomy.

In die kennis-situasie is dit nie anders nie. Die twee a priori's van die geskiedenis moet in hul naakte teenstelling gelyktydig gehandhaaf word in die daad van kennis self.

---

1) I and Thou, p. 95.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

D E E L I.

DIE TWEE A PRIORI'S VAN KENNIS IN DIE GESKIEDENIS.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1.

DIE A PRIORI AS BEGINSEL VAN VERKLARING BY KANT.

In die verklaring wat Kant gee vir die gebruik van die kritiese metode[1], blyk reeds dat die hele denkrigting wat deur hom ingeslaan is, beheers word deur die probleem van die saambestaan van teenstellende waarhede. Sy uitgangspunt transkendeer egter reeds die teenstelling tussen empirisme en rasionalisme, en by hom tref ons 'n nuwe formulering van die epistemologiese probleem aan. Die naïewe opvatting, wat deur sowel empirisme as rasionalisme as uitgangspunt gebruik is, naamlik, dat die kennis moet verander om met die voorwerp te konformeer, maak die feit van kennis onmoontlik.[2] Die struktuur van die kennende bewussyn bepaal die aard en die omvang van kennis, en nie die bestaan van die voorwerp nie. Die voorwerp is die onbekende faktor, totdat dit bekend word op grond van die inwerking van die vorms van die bewussyn. Die taak van die metafisika is derhalwe die vaslegging van die grense van alle moontlike kennis deur 'n ondersoek na die aangebore vorms van die bewussyn op grond waarvan kennis moontlik is. Indien die verstand die werking van sy eie vorms ontdek het, sou die ervaring van enigiets

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat nie in terme van reedsbestaande kennis verklaar kon word nie, uitgesluit wees. Die noodsaaklikheid en universaliteit waarmee hierdie primêre vorms van kennis die ervaring beklee, ontsenu volgens Kant al dadelik die klag dat elke benadering van die epistemologiese probleem wat by die subjek begin op subjektiwisme en skeptisisme moet uitloop.[3)]

Daar is reeds in die oomblik van waarneming twee sulke vorms van die bewussyn werksaam, tewete ruimte en tyd. Ruimte is die vorm van alle waarneming van die uiterlike. Ruimte is nie 'n determinant van die wêreld van voorwerpe self nie, maar dit word deur die feit van die subjek se waarneming aan die subjek toegeskryf. Dit word bewys deur die feit dat geen waarneming daarsonder kan plaasvind nie. Voorwerpe word nie eers waargeneem en dan, op grond van 'n ontdekking daarna (d.w.s. <u>a posteriori</u>) as ruimtelik ervaar nie. Ruimte is die <u>sine qua non</u>, die logiese voorveronderstelling van die waarneming van voorwerpe as uiterlik. Dit gaan die waarneming vooraf.[4)] In dié verband sê Kant[5)] die volgende:

> No experience of the external relations of sensible things could yield the idea of space, because without the consciousness of space there would be no external experience whatsoever.

Hieruit volg dat dit wat <u>nie</u> waargeneem word nie, dit wat nie in relasie tot 'n waarnemende subjek staan nie, ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

terselfdertyd nie die eienskap van ruimtelikheid besit nie. Hierin is geleë die mees eenvoudige uitdrukking van die absolute verskil tussen die voorwerp van die waarneming en die voorwerp wat buite die waarnemingsgebied val.[6)]

Dieselfde is waar van die ander vorm wat reeds by die waarneming werksaam is, naamlik, tyd. Dit stel die bewussyn in staat om voorwerpe in die relasie van opvolging waar te neem. Dit is nie minder reëel omdat dit 'n subjektiewe bydrae tot kennis is nie. Immers dit is implisiet in die feit van alle waarneming, en is nie afhanklik van die waarneming van dié of daardie indiwidu nie. Dit is empiries reëel in teenstelling met dit wat in sy eie reg, of absoluut reëel is.[7)]

Die bestaansreg van die ruimtelike vorms as aparte a priori beginsels van kennis vind Kant in die vermoë van die bewussyn om sintetiese oordele te vel. Daardeur word 'n afleiding gemaak uit 'n gegewe premisse wat self nie die afleiding bevat nie, soos byvoorbeeld in die geval van oorsaak en gevolg. Slegs in die ervaring kan sintetiese oordele gevel word. Die rede gaan analities te werk.[8)]

Hierdie analitiese werksaamheid van die rede is dit waardeur die gegewens van die sintuiglike waarneming verwerk word en in die sisteem van kennis ingebou word. Dit word gegrond op die bestaan van die a priori vorms van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

intellek of kategorieë. Die grondvereiste van kennis is eenheid. „Knowledge" sê Kant[9] „is a whole of related and connected elements." Deur middel van analitiese oordele word persepte en konsepte tuisgebring onder altyd omvattender konsepte.[10] Hierdie proses kan egter nie ad infinitum duur nie. Daar bestaan dus in die bewussyn sekere uniwersele konsepte wat onherleibaar is, en waarvan daar niks meer uniwerseel kan wees nie. Die kategorieë word nie ontdek op die weg van beoordeling nie maar bestaan reeds voor alle beoordeling. Die fenomenele wêreld kom tot stand deur die inwerking van die kategorieë op die ervaring.[11] Die moontlikheid van die samevoeging van persepte en konsepte tot 'n eenheid van kennis is geleë in die a priori sintese. Dit is „a synthesis not of differences with each other but of mere diversity with mere unity."[12] Dit is die transkendente voorwaarde van alle sintese.[13] Dit is die tertium quid waardeur die teenstelling tussen die reseptiewe en sintetiese werking van die ervaring en die spontane en analitiese werking van die intellek in 'n hoër sintese verdwyn.[14] Dit bestaan saam met die transkendente self aan die duskant van alle waarneming.

Die finale grondslag van kennis van die fenomenele wêreld is die transkendente eenheid van appersepsie. Dit staan gelyk aan die feit van self-bewussyn. Deur die waar-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

neming van voorwerpe kom die self tot die ontdekking dat elke voorwerp die stempel van sy eie bewussynsaktiwiteit dra. Die voorwerp is nooit 'n abstrakte objektiewe entiteit nie, maar word altyd noodsaaklik verbind met die „ek dink" van die bewussyn. 'n Wêreld wat nie gesien word vanuit die standpunt van 'n waarnemende self nie, is eenvoudig ondenkbaar.

> „No knowledge whatever" sê Kant[15], „no unity and connection of objects, is possible for us apart from the unity of consciousness which is prior to all data of perception and without relation to which no consciousness of objects is possible."

Dié transkendente eenheid van appersepsie bied ook die grondslag van die <u>objektiwiteit</u> van die waargenome wêreld. Dit is die waarborg dat die wêreld soos jy dit waarneem ook die wêreld is soos ek dit waarneem.

> The synthetic unity of consciousness is an objective condition of all knowledge. It is not merely a condition which I must observe in knowing an object, but it is a condition under which every perception must stand, before it can become an object for me at all.[16]

Langs hierdie weg kom Kant tot sy belangrike onderskeiding tussen die fenomenele en nonmenele wêrelde. Dit sou, volgens hom, 'n growwe aanmatiging van die kant van die subjek wees om te verwag dat die realiteit moet verander om aan te pas by die wette van die bewussyn. Wat geken word, is dus nooit die voorwerp self nie, maar 'n verskynsel of fenomenon. Die kategorieë gaan immers nooit bokant die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ervaring uit nie. Daarby is die ervaring nooit voltooid of volkome afgerond nie. Die verheffing van die wêreld van ervaring tot 'n self-verklarende, ongekondisioneerde selfstandigheid, vernietig sy eie doel, want as onoplosbare reste bly daar die antinomieë van die suiwere rede.[17] Slegs deur 'n ongekondisioneerde realiteit naas die gekondisioneerde fenomenele wêreld te dink[18], word daar 'n verklaring vir die bestaan van die antinomieë gebied. Hierdie ongekondisioneerde nonmenele wêreld is die absoluut onkenbare. Sodra dit in relasie tot 'n kennende bewussyn gestel word, word dit by die fenomenele wêreld inbegryp. Die begrip van 'n onkenbare is die begrip van die noodsaaklike perke van die kenbare.[19]

Kant het met sy „Kopernikeanse rewolusie" in die filosofie seker meer kritiek op die hals gehaal as enige ander filosoof in die geskiedenis. Sy kritisisme word genoem „the mth recoil of the reason on itself"[20] en hy word daarvan beskuldig dat „he reduced (the pure reason) to impotence".[21] Die grofgeskut van hierdie kritiek op die kritisisme is gerig teen die begrip van die onkenbare. Dit sou 'n kontradiksie wees om te weet dat daar 'n onkenbare is.[22]

Die Kantiaanse stelling kan verdedig word, deur daarop te wys dat dit vir Kant die enigste wyse was waarop hy die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

noodsaakle konsekwensies van sy uitgangspunt kon ontkom. Kant het homself die taak gestel om die grense van kennis aan te dui. Hy het aan homself die vraag gestel: „Wat kan ek ken?" Die moontlikheid om op hierdie vraag 'n afdoende antwoord te vind, bring mee die implikasie dat daar iets is wat ek nie kan ken nie. Die afbakening van 'n gebied binne grense beteken dat daar-buite 'n gebied lê, wat nie behoort tot die begrensde gebied nie. Waar die principium divisionis dan die feit van kennis is, volg dat buite die begrensde gebied van kennis daar 'n onbegrensde gebied lê waarvan kennis onmoontlik is.

Buber[23] stel die saak as volg:

> Indissolubly connected with the finitude which is given by the ability to know only this, there is a participation in infinity, which is given by the ability to know at all. The meaning is therefore that when we realize man's finitude, we must at the same time recognize his participation in infinity, not as two juxtaposed qualities, but as the twofold nature of the processes in which alone man's existence becomes recognizable. The finite has its effect: he shares in finitude and he shares in infinity.

Daar moet dus reeds met Kant se uitgangspunt, naamlik dat die rol van die kennende bewussyn allesbepalend is by die kennis van die voorwerp, foutgevind word. Die bestaan van 'n onkenbare hang vir Kant ten nouste saam met die inherente onvermoë van die bewussyn om sigself te transkendeer.[24] Terwyl sy kritici nou aan die een kant met hom saam stem

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat die transkendensie van die bewussyn deur die bewussyn onmoontlik is, beweer hulle aan die ander kant dat sodanige transkendensie gladnie nodig is nie. Die bepaalde relasie tussen subjek en objek waardeur kennis moontlik word, is nie vreemd aan die wese van die objek nie.[25] Immers, die heelal is 'n redelike heelal waarvan die bewussyn 'n integrale deel is. Die redelikheid van die realiteit is dieselfde as die redelikheid van die bewussyn. Hoewel elke persep dus die bepaalde partikuliere standpunt van die waarnemer verteenwoordig, kan die bewussyn deur die redelike uitbou van die relasies wat reeds implisiet in die persep lê, tot volledige kennis van die voorwerp self kom. Die tafel wat die subjek waarneem is 'n tyd-ruimtelike verskyning van die reële tafel, maar dit is nie absoluut vreemd aan die reële tafel nie. Die oorgang van die verskynsel, wat die gesigspunt van die indiwiduele waarnemer verteenwoordig, na die realiteit wat as die objektiewe grondslag van sosiale omgang dien[26], is nie 'n lewensgevaarlike sprong nie, maar 'n geleidelike rasionele proses.[27]

Hierdie opvatting dat daar 'n uitbouing en vervollediging van ons persepte en konsepte deur intellektuele aktiwiteit moet wees, is natuurlik nie heeltemal vreemd aan die beskouing van Kant nie. Die verskil is hierin geleë dat, waar Kant hierdie uitbouingsproses streng beperk tot die vlak van die fenomenele wêreld, Leighton en sy medestanders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie die verskil tussen nonmenele en fenomenele wêrelde erken nie. Die „weet" van die subjek-objek-relasie bring nie mee, soos vir Kant, 'n noodwendige "nie-weet" van dit wat buite die relasie lê nie. Deur 'n afleidingsproses, beheers deur logiese wette[28)] wat nie net geldig is van die bewussynstruktuur nie, maar ook van dit wat as „physical reality" buite die bewussyn bestaan, word die lyn tussen weet en nie-weet geleidelik uitgewis.

So 'n beskouing hou egter nie rekening met eise van die primêre situasie waaruit kennis van voorwerpe ontstaan nie, naamlik dat in waarneming, van watter aard ookal, die relasie van die voorwerp tot die subjek nooit buite rekening gehou kan word nie.[29)] Derhalwe is enige vergelyking tussen die voorwerp van die subjek se waarneming en die voorwerp as dit nie waargeneem word nie, hetsy om te beweer dat hulle eenders, of dat hulle verskillend is, uiteraard onmoontlik.[30)] Kant het dus, na ons mening, gelyk, waar hy die benadering van die onafhanklik-van-die-waarneming-bestaande voorwerp langs die weg van die waarneming as 'n eindelose approximasie-proses bestempel.

Maar Kant beland met sy onderskeiding tussen weet en nie-weet reeds dadelik in die moeilikheid. Hy kan naamlik nie verklaar waar die wete dat daar 'n onafhanklik bestaande realiteit moet wees, vandaan kom nie. Sy kritici het nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

veel moeite ondervind nie om aan te toon dat die begrip van 'n onkenbare 'n kontradiksie is. Hy weet dan immers aangaande dit, waarvan hy gesê het dat 'n mens niks kan weet nie, dat dit bestaan.[31] Maar hy gaan nog veel verder. Die kategorieë sou van toepassing wees slegs op die fenomenele wêreld. Maar selfs word deur hom die kategorie van „realiteit" aangaande die noumenele wêreld gepredikeer. Die fenomenele wêreld as verskynsel van die noumenele wêreld staan tot die noumenele wêreld in die relasie van oorsaak en gevolg.[32]

Kant kan derhalwe self nie die absolute verskil tussen die kenbare en onkenbare wêrelde handhaaf nie. Hy kan hom nie losmaak van die versoeking om oor die heining te loer en te kyk wat ander kant aangaan nie. Daardeur word die sogenaamde perke van die fenomenele wêreld natuurlik tot 'n klug gemaak, want, soos Stace[33] tereg opmerk:

> If anything is unknowable this means that it is absolutely unknowable. And if we have any knowledge of it, however slight, it is not unknowable.

Hoewel ons die Kantiaanse beskouing van die noodsaaklikheid van 'n begrensing tussen die weet of kenbaarheid van die fenomenele wêreld en die nie-weet of onkenbaarheid van die noumenele wêreld as in ooreenstemming met die enigste moontlike uitgangspunt in die soeke na 'n oplossing van die probleem van kennis, aanvaar, is dit duidelik dat indien

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ons nie in self-kontradiksies wil verval nie, ons veel verder sal moet gaan as wat hy gegaan het. Ons sal die bestaan van die wete van die onkenbare op 'n ander wyse moet verklaar as om dit met die oë van die fenomenele wêreld te beloer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voetnote en Aantekeninge - Hoofstuk 1.

1) Sien Watson: The Philosophy of Kant p. 19. A criticism of reason in the end necessarily leads to science, whereas the dogmatic employment of reason without previous criticism can only lead to groundless assertions, to which other assertions equally specious may always be opposed, the inevitable result being skepticism.

2) Ibid p. 3: If it were really necessary for our perception to conform to the nature of objects, I do not see how we could know anything of it a priori; but if the sensible object must conform to the constitution of our faculty of perception, I see no difficulty in the matter.

Ook Stout: Mind and Matter p. 175. Kant holds that his predecessors, in dealing in the way in which we know external objects, have all proceded on a fundamentally wrong assumption which leads them to state the question at issue wrongly so as to preclude the possibility of any tenable answer.

3) Sien A.C. Ewing: Idealism p. 95: Objectivity means for Kant necessity, and he claimed that it was his philosophy alone which secured this, for his philosophy alone was reconcilable with the possibility of synthetic judgements carrying with them necessity.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4) Ons moet hier onderskei tussen psigologiese en logiese prioriteit. Dit is vir Kant om 't ewe of ons bewuswording van ruimtelikheid plaasvind voor die waarneming of gelyktydig daarmee. Wat belangrik is, is dat die ruimte-vorm, en trouens al die ander vorms van die bewussyn nie op induktiewe wyse uit die ervaring afgelei kan word nie, maar dat dit deur die ervaring veronderstel word en dus onafhanklik daarvan bestaan. Sien Karl Heim: God Transcendent, p. 235. Ook Watson: op. cit. p. 9: By a priori knowledge we shall understand .... such (knowledge) as is absolutely independent of all experience.

5) Ibid. p. 24. Ook p. 25. Space we therefore regard as a condition of the possibility of phenomena, and not as a determination dependent on phenomena. En p. 27. Space is nothing but the form of all phenomena of outer sense. It is the subjective condition without which no external perception is possible for us. The receptivity of the subject or its capability of being affected by objects, necessarily exists before there is any perception of objects.

6) A.C. Ewing: op. cit. p. 67. This assumption (that whatever is a priori must be contributed by the mind) led Kant directly to the conclusion that everything we know must be made by us (out of given material) since otherwise he was unable to explain how we could know that it must conform to the a priori categories without which any knowledge was for

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

him impossible. And it led him to assume that the proof that space and time were a priori was a proof that they were subjective.

7) Gunn: The Problem of Time: p. 116. Time is empirically real as a condition of all experience, but not absolutely real, for time does not belong to objects as they are in themselves but only to the subject that perceives them. It is transcendentally ideal, for in abstraction from subjective conditions of perception time is simply nothing and cannot be said to subsist by itself or to inhere in things that so subsist. Sien ook J. Jeans Physics and Philosophy, p. 60.

8) Die saak word deur Ewing (op. cit. p. 68) as volg saamgevat: Space and time are sensible and yet a priori, that is they have the quality of being perceptual, and yet they are presupposed.... in such a way that we could know a priori that the characteristics which we found in space and time are true of that experience in general. This enables geometry to be both a priori and synthetic: synthetic because it is based on something sensuous, a priori because space is supposed in all outer (physical experience and therefore the objects of this experience have to conform to geometry if they are to be experienced at all.

9) Watson: Op. cit. p. 40.

Sien ook J.A. Leighton: Man and the Cosmos p. 39. Knowledge

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

means at once the comprehension of the mutual relevancies or orderly interdependence, of the many distinct existences, which make up reality, and of the uniqueness of the being of each existence.

10) Stout: op. cit. p. 179. To apprehend differences as connected with each other within a unity is to judge.

11) Ibid. p. 179. The Categories are general rules or principles entering universally into the essential constitution of the phenomenal world or, in other words, indispensible to any possible knowledge through experience.

12) Ibid. p. 188.

13) Ewing: op. cit. p. 74. This synthetic connection cannot either be explained or explained away but must be accepted as a fact, for it is itself the foundation of all inference and so of all explanation.

14) Ibid. p. 72. Kant also suggests that a synthetic a priori judgment can be valid if and only if there is some third factor which includes and unites its subject and predicate.

15) Watson: op. cit. p. 62.

16) Ibid: p. 69.

17) Ewing: op. cit. pp. 84-92.

18) Vir Kant is daar 'n wesenlike verskil tussen iets "ken" en iets „dink". Sien Ibid p. 102. Kant denies definite scientific knowledge of things-in-themselves but he admits we can form a kind of vague and indefinite but still very

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

useful conception of something not ourselves which affects us and on which appearances are grounded.

19) Watson: op. cit. p. 132 The conception of a noumenon is merely the conception of a limit, a conception which is only of negative use, and but serves to check the presumption of sensibility.

20) S.R. Hopper: The Crisis of Faith, p. 81.

21) Loc. cit.

22) Sien Stace: The Philosophy of Hegel, p. 46.

23) Between Man and Man, p. 121.

24) Watson: op. cit. p. 132: The conception of a noumenon is necessary to prevent sensuous perception from claiming to extend to things in themselves and to set a limit to the objective validity of sensuous knowledge.

Ook p. 68. Apart from the synthetic unity of apperception nothing can be thought or known, because the determination given in perception, not having the act of apperception "I think" in common, would not be apprehended in one self-consciousness.

25) Sien A.C. Ewing: op. cit. „The Theory of Internal Relations", pp. 117-194. Ook Leighton: Man and the Cosmos, Hoofstuk XII.

26) Ibid p. 87. The physical world is the spatial and temporal continuum in which we meet, act and suffer; that is, our individual experiences are believed to be similar aspects

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of the same continuum.

27) As tipering van hierdie beskouing gee ons die volgende uitlatings van Leighton. Ibid pp. 81-94: The mind is a function of the world. It is a live focus of reality, an organized centre in which reality comes into active awareness of its own modes of behaviour.... The various types of relationship are already imbedded in the texture of immediate experience. The latter is from the outset of its carreer implicitly rational, or orderly and significant..... Thus thought, the interpretive function of personal experience, and knowledge, its product, do <u>not in principle</u> or character transcend experience.... (.83). To come back to the table, the "real" table is a logical construction, an entity or thing necessarily conceived as the active centre or bearer of manifold possible qualities, which in perception or action, I cannot help recognizing.

28) In onderskeiding van psigologiese wette.

29) Hiervoor lewer die relatiwiteitsteorie getuienis. Sien H. Wildon Carr: The Principle of Relativity, p.22. The essence of (the general principle of relativity) is to introduce the bane of the physicist, subjectivism, into the arcana of physical science. It shows that it is impossible to abstract from the mind of the observer and treat the observations as themselves absolute and indepen-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dent of the mind which studies it.

Ook James Jeans: The Mysterious Universe, p. 148. Today there is a wide measure of agreement, which on the physical side of science approaches almost to unanimity, that the stream of knowledge is heading to a non-mechanical reality; the universe begins to look more like a great thought than like a great machine.

30) Tengunste van die beskouing dat die twee voorwerpe wel ooreenstem (betsy gedeeltelik of heeltemal) word die argument dikwels aangevoer dat, indien iemand beweer dat dit nie so is nie, dat die self 'n vreemdeling in die heelal is, dan rus die las op hom om sy bewering te bewys. So 'n argument bied egter ons insiens nie genoegsame grond om oor te gaan tot die positiewe bewering dat daar wel ooreenkoms bestaan nie. Dit kan hoogstens 'n groter mate van waarskynlikheid bied, maar geen sekerheid om 'n hele uitgewerkte stelsel op te bou nie.

31) A.C. Ewing, op. cit. p. 102. The chief compleint against Kant, is that he has declared things-in-themselves to be absolutely unknowable, and yet assumes some, though a very limited knowledge of them. It is objected that to admit thir existence is itself to claim of them some knowledge.

32) Loc. cit. If the things-in-themselves are not at least part-cause or ground of the phenomenal world, it is meaningless to say that the latter is the appearance to us

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of the former, so that even the very innocent looking assertion that we know the appearance only of reality, not reality itself, implies that two categories at least, namely reality and causality are applicable to things in themselves.

33) Op. cit. p. 46.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2.

DIE A PRIORI AS BEGINSEL VAN VERINNERLIKING BY BERGSON.

Reeds in die aanvangswoorde van sy „An Introduction to Metaphysics"[1] word vir ons gekenskets die kenmerkende van die filosofiese rigting waarvan Bergson die voorstander was. Sy filosofie verteenwoordig, naamlik, 'n ondersoek na, en 'n besliste verwerping van dié metafisika wat berus op die uitsluitlike beklemtoning van die „point of view" as kenwyse. Nie alleen is hierdie kenwyse, waardeur die subjek die objek teenoor sigself plaas, teneinde dit as iets uiterlik te observeer, en dit dan te interpreteer in terme van vooropgesette simbole, nie die enigste geldige teenwyse nie, maar dit is selfs nie die ware kenwyse van die menslike bewusgyn nie. Dit is naamlik aan die mens gegee om hom met die innerlike wese van die voorwerp van sy kennis te vereenselwig, sodat dit nie sy lot is om altyd gebrekkige aspekte van 'n eksterne wêreld te ken nie, maar hy kan die voorwerp in sy onmiddellike volledigheid ken. Dit is met die uitbouing van hierdie nuwe kenwyse, en die dienooreenkomstige realiteit wat geken word, wat Bergson hom hoofsaaklik besighou.[2]

Terwyl hy die teenstelling tussen empirisme en rasio-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nalisme nie erken nie, is Bergson tog in 'n sekere sin 'n empiris. Tereg merk hy op dat in ons soektog na die waarheid ons nêrens anders kan begin as by die ervaring nie.[3] Immers die enigste aanknopingspunt met die realiteit wat daar vir die bewussyn bestaan, is wat onmiddellik in die ervaring gegee word. Maar dan moet die ervaring nie 'n oppervlakkige waarneming van die voorwerp as iets uiterlik wees nie. Die ware empirisme stel nie die voorwerp op 'n afstand van die waarnemer, sodat laasgenoemde dit in veiligheid van alle kante kan beloer nie, maar dit bevorder 'n intieme beluistering van die hartklop van die lewe wat deur die voorwerp vloei.[4]

Dit is van die beweging van sy eie innerlike lewe, wat die mens op die intiemste wyse ken. Dit is na hierdie duidelikste voorbeeld van onmiddellike ervaring van binne af, wat Bergson gaan om die bestaansreg van so 'n kenwyse te bewys.

Die bewussynslewe bestaan uit toestande wat mekaar gedurig opvolg. By 'n oppervlakkige analise van hierdie beweging, lyk dit asof ons te doen het met toestande wat self onveranderlik is, maar wat deur hul snelle opvolging van mekaar die skyn van verandering laat ontstaan.[5] Dit is egter nie die geval nie, want die onmiddellike ervaring van die geestestoestande is altyd dié van beweging. Buite daardie ervaring mag daar stilstand wees, maar solank die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ervaring duur is daar niks as beweging nie. Daar is nie 'n veelheid van toestande nie, maar slegs een toestand, naamlik dié van beweging. Al die toestande wat reeds in die verlede ervaar is, word opgeneem in hierdie een toestand en word ervaar as deel van die een beweging.

Om Bergson se eie woorde te besig:[6)]

> There is a succession of states, each of which announces that which follows and contains that which precedes it. They can properly speaking, only be said to form multiple states, when I have already passed them and observed their track. Whilst I was experiencing them they were so solidly organized, so profoundly animated with a common life, that I could not have said where one of them finished or where another commenced. In reality no one of them begins or ends, but all extend into each other.

Elke nuwe bewussynstoestand bevat 'n element wat nie in die vorige toestand teenwoordig kon wees nie, naamlik die herinnering aan daardie vorige toestand. In dié sin is die beweging van die bewussynslewe 'n skeppende proses. 'n Vorige toestand kan nooit herhaal word nie. Die beweging van bewussynstoestande verteenwoordig 'n onomkeerbare oorgang vanaf 'n toestand wat was na 'n toestand wat nognie was nie.[7)] Om hierdie rede leen die gang van die bewussynslewe sig nie aan voorspelbaarheid nie. Om te voorspel is om 'n bewering te maak aangaande dit wat nognie plaasgevind het nie op grond van die waarneming van dit wat reeds plaasgevind het. Waar die nuwe toestand altyd 'n unieke siening van al die vorige toestande is, word sodanige voorspelling onmoontlik. Daar is geen eksterne relasie met ander naas-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

liggende toestande waardeur 'n noodsaaklike proses van ontwikkeling opgespoor kan word nie. Die oorgang van dit wat was na dit wat nognie is nie, ken geen „moet" nie.

> „To foresee", sê Bergson[8], „consists of projecting into the future what has been perceived in the past... But that which has never been perceived, and which is at the same time simple, is necessarily unforeseeable."

Van die beweging van die bewussynslewe, soos dit onmiddellik ervaar word, kan dan gesê word dat dit nie die verandering van <u>iets</u> is nie, maar <u>verandering self</u>. Dit is suiwere <u>wording</u>[9]. Assulks maak dit 'n onderdeel uit van die kosmiese wordingsproses, „a mighty world which is always becoming, always changing, growing, striving, and wherein the word of power is not law, but life".[10]

Die vraag van belang is nou op watter wyse die self kennis van hierdie heel unieke wordingsproses kan bekom. Volgens Bergson moet dit 'n kenwyse totaal verskillend van die intellek wees.[11] Die intellek is nie belangeloos in sy benadering van die realiteit nie. Dit het ten doel die aanpassing van die self by sy omgewing. Omdat sekere praktiese belange voorrang geniet, word die konsepte waarmee die intellek werk nooit verander om by die voorwerp aan te pas nie, maar eerder word die voorwerp gewysig sodat dit by die konsep kan inpas. Daar kan dus nie van uitbreiding van ons kennis, of <u>nuwe</u> kennis, gepraat word nie. Alles is reeds gegee in die universele beginsels van die ver-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stand, en die ontwikkeling van kennis is maar skyn omdat dit plaasvind binne die omvang van die aangebore vorms van kennis.

Om hierdie rede kan die intellek nooit die realiteit, wat wording is, ken nie. Die veranderlike kan immers nie in terme van die onveranderlike uitgedruk word nie. Die onbekende en unieke kan nie deur die bekende en oue verklaar word nie. Die hoogste waartoe die intellek kan kom is om gedurige herhaling in te lees in 'n proses wat van geen herhaling weet nie, om 'n stelsel van meganiese wetmatigheid toe te pas op 'n gebied waar elke voorspelling noodwendig verkeerd moet wees. Aldus Bergson:[12)]

> The intellect is life looking outward, putting itself outside, adopting the ways of unrecognized nature in principle in order to direct them in fact.... It resolves the organized into the unorganized, for it cannot, without reversing its natural direction and twisting about on itself think true continuity, real mobility, reciprocal penetration - in a word, that creative evolution which is life.

'n Verdere beswaar teen die intellek as kenbron is dat dit die rol van toeskouer speel. Die voorwerp word vanuit 'n posisie van afsydigheid waargeneem. Hierdeur word alleen aspekte van die voorwerp bekom. Die voorwerp as 'n geheel kan nooit op dié wyse geken word nie, want al sou al die aspekte bymekaar getel word, sou dit ons nognie 'n volledige beeld van die voorwerp gee nie. Immers, die verskillende aspekte is nie onderdele van die voorwerp wat bymekaar inpas

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie. Dit sou netso onsinnig wees om te sê dat al die letters in 'n gedig die onderdele daarvan is. Al sou ons die letters ken, sou dit vir ons nog onmoontlik wees om daaruit die gedig op te bou. Die eenheid van die gedig is meer as die somtotaal van die letters, en dit is juis hierdie eenheid wat die intellek in sy hoedanigheid van afsydige toeskouer nooit kan ken nie.

Pittig word hierdie posisie deur Bergson saamgevat waar hy van sekere psigoloë sê dat „they desire an intuition, and by a strange inconsistency they seek this intuition in analysis, which is the very negation of it."[13]

Waar die intellek kennis bied van die statiese aspekte van voorwerpe, is dit kennis van 'n moontlikheid wat nooit 'n aktualiteit kan word nie, want daar is geen direkte weg van die aspekte na die voorwerp self nie, en die dinamiese tydstroom ken stilstand slegs as 'n moontlike zero-punt.

Aldus Bergson:[14]

> It is movement we must accustom ourselves to look upon as simplest and clearest, immobility being only the extreme limit of the slowing down of movement, a limit reached only, perhaps, in thought and never realized in nature.

En van die intellek sê hy:[15] „<u>it is characterized by a natural inability to comprehend life</u>."

Die intellek is egter nie die enigste middel waardeur die self tot bewuste kennis kan geraak nie. Waar die intellek op indirekte wyse, deur middel van sy gegewe vorms die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

primitiewe gewaarwording van die voorwerp tot volle bewussyn bring, gaan die intuïsie direk na sy voorwerp, en is dit, in teenstelling met instinktiewe kennis[16], volkome bewus. Die intuïsie is nie onderhewig aan die beperking van reedsgevormde konsepte nie, want algaande word nuwe konsepte vervaardig om aan die eise van elke nuwe ervaring te voldoen. Die onbekende word nie uitgedruk in terme van die bekende nie, sodat die essensiëel nuwe element in die ervaring nie verlore gaan nie.

> „Metaphysics," aldus Bergson[17] is only truly itself when it goes beyond the concept, or at least when it frees itself from the rigid and ready-made concepts in order to create a kind very different from those which we habitually use; I mean supple, mobile and almost fluid representations, always ready to mould themselves on the fleeting moulds of intuition."

Naas die skeppende proses van die realiteit moet die ken-proses ook skeppend te werk gaan.

Die metode van intuïsie is sintese. Die voorwerp word uitgedruk in terme van sigself. Die eksplikasie vind nooit plaas in die vorm van 'n sillogisme, waardeur die voorwerp met iets buite sigself in relasie gebring word nie, maar deur 'n intensifiëring van die onmiddellike ervaring word al die implikasies inherent daarin tot bewussyn gebring.[18]

Ons laat Bergson spreek:[19]

> It is to the very inwardness of life that intuition leads us, - by intuition I mean instinct that has become disinterested, self-conscious, capable of reflecting upon its object and enlarging it indefinitely.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Omdat dit nie nodig het om na iets buite sigself te gaan nie, is die intuïtiewe kennis van die oomblik absoluut en selfgenoegsaam. Dit ken nie die relatiwiteit wat so onlosmaaklik met die „point of view", deur 'n afsydige toeskouer ingeneem, verbind is nie. Dit bevat in sigself die moontlikheid van alle kennis, omdat kennis is van die wesenlike, die unieke in die allesbevattende teenwoordige oomblik.

Dit is moeilik om die waarde van Bergson se bydrae tot die filosofie te oorskat. Sy ondersoek na die verandering in die biologiese wêreld, het daartoe bygedra om die begrip van 'n primêre <u>wording</u>, ('n realiteit wat verandering <u>is</u>, in teenstelling met die opvatting van 'n realiteit wat verander[20]) daar te stel. Daarby is <u>'n nuwe vorm van kennis</u> aan die lig gebring. In teenstelling met die klassieke opvatting van kennis as die <u>sistematiese</u> verwerking van gegewens in die lig van gegewe beginsels, sodat daar van kennis sprake kan wees, eers wanneer finaliteit en afronding bereik is, word kennis deur Bergson gesien as iets essensiëel <u>veranderlik</u>. Immers, die kennis moet konformeer met dit wat geken word.[21])

Deur die daarstelling van hierdie nuwe kenwyse, is die aanspraak van die objektiewe kenwyse op alleenheerskappy[22]) weerlê. Volgens die Kantiaanse opvatting is alle kennis konseptueel, d.w.s. slegs dit wat kan inpas in die onverander-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

like vorms van die bewussyn, sodat die subjek dit kan ondersoek sonder die gedurige vrees dat dit deur die stroom van die tyd weggedra sal word, is kenbaar. Maar die wording van Bergson is 'n bestaansvorm wat nie in terme van die Kantiaanse konsep van die bestaande uitgedruk kan word nie. Daarom sou dit onkenbaar[23)] wees. Tog is dit kenbaar, omdat vir Bergson kenbaarheid iets anders is as vir Kant.

Teenoor hierdie positiewe bydrae van Bergson, blyk dit egter dat hy nie in staat is om die intuïsie as onafhanklike kenbron te handhaaf nie. Deur die intellektuele en die intuïtiewe kenwyses teenoor mekaar te stel as die relatiewe teenoor die absolute[24)] probeer hy naamlik om die <u>kontradiksie</u>, inherent in die wordingsproses (en derhalwe ook in die ooreenkomstige kenwyse) vry te spring. Hierdie kontradiksie is geleë in die besondere aard van die wordingsproses. Aangesien dit nie die verandering van reedsbestaande onveranderlike entiteite is nie,[25)] kan dit niks anders wees nie as die verandering wat geleë is in die oorgang van die nie-bestaande na die bestaande.[26)] Nou wil Bergson aan die <u>oorgang</u> realiteit toesê, terwyl hy die terme, waarsonder geen oorgang moontlik sou wees nie, tot verskynsel verklaar.[27)] Dit is klaarblyklik 'n fout. Immers, as die bestaande nie reëel is nie, dan kan die proses wat deur die feit van die bestaande moontlik gemaak word ook nie reëel wees nie. Weliswaar is dit onmoontlik om van twee absolute realiteite te praat. Maar dit is ook onmoontlik om 'n verband te stel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tussen die reedsgeworde onveranderlikheid en die wordende veranderlikheid waardeur dit totstand kom. Omdat hy tog nie 'n veranderlike sonder 'n onveranderlike, 'n wording sonder 'n geworde,[28] kan dink nie, probeer Bergson om 'n verband tussen die twee te stel deur die een as absoluut en die ander as relatief te tipeer. Daardeur beland hy in die absurde posisie dat hy die absolute van die relatiewe afhanklik maak.[29]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voetnote en Aantekeninge - Hoofstuk 2.

1) p. 1. A comparison of the definitions of Metaphysics and the various conceptions of the absolute leads to the discovery that philosophers, in spite of their apparent divergencies, agree in distinguishing two profoundly different ways of knowing a thing. The first implies that we move round the object; the second that we enter into it. The first depends on the point of view at which we are placed, and on the symbols by which we express ourselves. The second neither depends on a point of view nor relies on any symbol. The first kind of knowledge may be said to stop at the relative; the second, in those cases where it is possible, to attain the absolute.

2) Bergson wy 'n aansienlike deel van sy werk „Creative Evolution" aan 'n kritiek op die stelsel van Kant, wat as intellektuele formalisme bestempel. Hy skryf: „There is, for him, only one experience, and the intellect covers its whole ground." (pp. 376-384). Dit is dus reeds duidelik dat die geldigheid van Bergson se „tweede kenwyse" (sien vorige voetnoot) saamhang met die verwerping van die Kantiaanse subjek-objek-relasie as die enigste basis vir kennis, asook van die vorms en kategorieë as die a priori's van alle kennis.

3) An Introduction to Metaphysics, p. 1 vv.

4) Sien Ibid. p. 31. A true Empiricism is that which pro-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

poses to get as near to the original life as possible, to search deeply into its life, and so by a kind of intellectual auscultation to feel the throbbings of its soul; and this true empiricism is the true metaphysics.

5) Terwyl dit van ruimtelike voorwerpe waar is dat hulle in 'n relasie van uiterlikheid tot mekaar staan, sodat 'n mens met presiesheid kan sê waar die een begin en die ander ophou, is sodanige afbakening, volgens Bergson, by geestestoestande nie moontlik nie, omdat hulle mekaar interpenetreer. Vgl. J.A. Gunn: Bergson and his Philosophy, p. 63: Objects occupying space are marked out as external to one another, but this cannot be said of conscious states.

6) An Introduction to Metaphysics, pp. 9, 10 (my kursiwering). Volgens Bergson is die feit van <u>herinnering</u> moontlik slegs as ons aanvaar dat die ervarings van die verlede voortleef in die onmiddellike ervaring van die teenwoordige. Die hele verlede word aangevoel as 'n tendens wat bepalend inwerk op die teenwoordige toestand, hoewel slegs van 'n gedeelte daarvan bewus is as <u>idee</u>. Sien Creative Evolution, p. 5: Even though we have no distinct idea of it, we feel vaguely that our past remains present to us.

7) Sien: An Introduction to Metaphysics, pp. 10, 11: ... the second moment always contains, over and above the first, the memory that the first has bequeathed to it. A consciousness which could experience two identical moments would

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

be a consciousness without memory. Sien ook J.F. Kirsten: Die Doelbegrip by Bergson, Deel I, p. 13. Die essensiële eienskappe daarvan is dat dit 'n onomkeerbare reeks vorm, dat dit die verlede in die teenwoordige akkumuleer, dat dit absoluut nuwe realiteite skep en dat dit volkome onvoorspelbare rigtings inslaan.

8) Creative Evolution, pp. 6, 7.

9) Vgl. Gunn, op. cit. p.22. We must at the outset of any study of Bergson's philosophy obtain a grasp of this universal becoming - a vision of the reality of Change. Then we shall realize that Change is substantial, that it constitutes the very stuff of life. "There are changes, but there are not things that change; change does not need a support... movement does not imply something that is moveable."

10) Ibid. p. xxii.

11) Met intellek verstaan Bergson sowel persepsie as konsepsie in die Kantiaanse betekenis. Sien H.W. Carr: The Philosophy of Change, p. 23 vv. If all apprehension is intellectual then Kant is right; we cannot have knowledge of things in themselves .... The doctrine of the intuition of reality is the reverse of this conclusion.

12) Creative Evolution, p. 170.

13) An Introduction to Metaphysics, p. 27.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

14) Creative Evolution, p. 44. Daar skyn heelwat onsekerheid te wees oor wat Bergson presies met materie bedoel het. Leighton (Man and the Cosmos, pp. 79, 80) kan nie uitmaak nie of materie die produk van die intellek se werking is, en of dit 'n gegewe is as gevolg waarvan die intellek ontstaan het om die self daarby aan te pas. Ook is die vraag of die materie saam met die lewenstroom as 'n reële aanstoot daarvan gegee is, en of dit maar 'n neerslag van die lewenstroom is wat geen werklike struikelblok bied nie. Ons bly egter by die uitspraak van Bergson self (Sien hierbo p. 27) dat materie die absolute negasie van wording is. Dit het dus geen aktuele bestaan nie, maar is blote moontlikheid.

15) Ibid. p. 174.

16) Volgens Carr (The Philosophy of Change, p. 163 v.) is intellek en instink twee heeltemal aparte funksies van die organisme, onherleibaar tot mekaar. In die mens het die intellek tot volledige ontwikkeling gekom ten koste van die instink. Vandaar dat instinkmatige handelinge heeltemal onbewus geskied. Die instink, egter, is ingerig vir <u>aksie</u>, vir die lewensproses self en besit derhalwe potensiëel die vermoë om die realiteit te ken. Sien Bergson, op. cit. p. 159. There are things which intelligence alone, is able to seek, but which by itself it will never find. These things instinct alone could find; but it will never

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seek them. Ook Gunn, op. cit. p. 20. We are made in order to act, as much as and more than in order to think - or rather when we follow the bent of our nature it is in order to act that we think.

17) An Introduction to Metaphysics, p. 18.

18) Soos reeds opgemerk (sien hierbo p. 24) bevat elke teenwoordige toestand in sig opgeneem al die vorige toestande. Alle relasies is intern, sodat die intuïsie nie nodig het om na iets buite sigself te gaan teneinde tot volle bewuswording te kom nie. Elke nuwe intuïsie is n uitbreiding van die vorige, omdat dit, saam met die kennis van die oue, n heel unieke element bykry. Sien An Introduction to Metaphysics, p. 21. Every feeling however simple it may be, contains virtually within it the whole past and present of the being experiencing it, and consequently can only be seperated and constituted into a state by an effort of abstraction or of analysis.

19) Creative Evolution, p. 186.

20) Sien hierbo p. 25.

21) <u>S. Kierkegaard</u>: Concluding Unscientific Postscript p. 74 v. Since the existing subject is occupied in existing, it follows that he is in process of becoming. And just as the form of his communication should be in essential conformity with his mode of existence, so his thought must correspond to the structure of existence.... An existing,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

individual translates all his thinking into terms of process. (p. 79).

22) K. Heim: God Transcendent, p. 179. This whole revolt of instinct against the contemplating intellect, this retrogression from the objectifying consciousness to a primitive ontological level, lying deeper than anything objective... represents a vigorous attack on the supremacy of the philosophy of Consciousness and of the conception of an objective being that underlies it. (my kursivering).

Eintlik beland die objektiewe sisteembouers om elke draai in self-kontradiksie, want as die waarheid 'n finale en afgeronde sisteem is, wat onafhanklik van die bestaan van die subjek bestaan, dan is daar geen verklaring waarom daardie finaliteit nog nooit bereik is nie, en vir die feit dat elke sogenaamde sisteem onderworpe is aan die dialektiek van die tydsproses, d.w.s. dat dit verouder en deur nuwe „sisteme" vervang word. Sien S. Kierkegaard Loc. cit. Ook J.A. Gunn: Op. cit. p. 135.

23) Ons kan nie genoeg beklemtoon nie, dat daar tussen die kenbaarheid van Kant en dié van Bergson 'n kwalitatiewe verskil bestaan, sodat wat vir die een ken-teoreties onmoontlik is, vir die ander moontlik is.

24) Bergson : Creative Evolution, p. 160.
What is relative is the symbolic knowledge by pre-existing concepts, which proceeds from the fixed to the moving, and not the intuitive knowledge which installs itself in that

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

which is moving and adopts the very life of things. This intuition attains the absolute (mu kursivering). Sien ook J.A. Gunn, op. cit. p. 252.

25) Sien hierbo p. 25.

26) Omdat hierdie saak van soveel belang is, haal ons Kierkegaard hier in die breë aan (Philosophical Fragments, p. 60): How does that which comes into being change? Or, what is the nature of the change involved in becoming (κινησις)? All other change (ἀλλοιωσις) presupposes the existence of that which changes, even when the change consists in ceasing to be. Not so, however, in the case of becoming. For if the subject of becoming does not in itself remain unchanged in the process of becoming, it is not this which comes into being, but some other thing, and the question is guilty of a μεταβασις εἰς ἄλλο γενος., in that the enquirer in the given case either sees some other change co-present with the change of becoming, which confuses the question; or he mistakes the nature of what is undergoing becoming, and thus cannot put the question. If a plan in coming into being, is changed, in itself, it is not this plan which comes into being; but if it comes into being unchanged, what is the nature of the change by which it comes into being? This change is clearly not a change in essence, but in being; it is a transition from not being to being.... A being of this kind, which is nevertheless a non-being, is what we know as possibility; and a being which is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

being is actual being, or actuality; so that the change involved in becoming is the transition from possibility to actuality. (my kursivering).

27) Ons interpreteer Bergson se onderskeiding tussen absolute en relatiewe as sou die relatiewe verskynsel van die absolute wees. Sien Leighton: Man and the Cosmos, pp. 77 en 101 vv.

28) Let wel dat ons nie aan die oorgang van nie-bestaan na bestaan enige noodsaaklikheid toeskryf nie. Dit bly, soos Bergson beweer, 'n volkome vrye proses insover enigeen van die oneindige aantal moontlikhede geaktualiseer kan word. Dit is nooit hoe die geworde toestand ontstaan wat noodsaaklik is nie, maar dat dit uit die wording totstand sal kom.

29) 'n Soortgelyke kritiek van die Vitaliste word deur Heim gebruik. Sien op. cit. p. 180. Sien ook Gunn: The Philosophy of Bergson, p. 142. He (Bergson) comes very near to denying, in his statement regarding duree pure, any knowledge of the past as past; he overlooks the decisive difference between the "no more" and the "not yet" feeling of the child's consciousness, which is the germ of our clear knowledge of the past as past, and as distinct from the future.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

D E E L II.

DIE TWEE A PRIORI'S VAN KENNIS BY KARL HEIM.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3.

DIE PRIMÊRE EK-DIT-RELASIE.

Die feit van waarneming impliseer 'n relasie van 'n heel besondere aard. Dit is die basiese relasie tussen die kennende bewussyn en die gekende voorwerp. Daarsonder is geen kennis van voorwerpe moontlik nie. Dit is vir die self geheel-en-al onmoontlik om hom van hierdie relasie los te maak teneinde vir hom 'n voorstelling te maak van hoe die voorwerp lyk as dit nie waargeneem word nie. Om te probeer om 'n voorwerp te dink wat nie in betrekking staan tot 'n waarnemende subjek nie, staan gelyk aan die poging van die gek wat homself uit die moeras wou red deur homself aan die kraag te gryp en opwaarts te beur.

Heim gebruik hierdie feit van 'n primêre relasie tussen 'n wêreld van voorwerpe en 'n waarnemende subjek as die uitgangspunt van sy ondersoek in „God Transcendent".[1] Hy wys daarop dat die wêreld vir ons sy bepaalde karakter dra omdat dit in verband staan tot 'n perspektiewe middelpunt. Hierdie perspektiewe middelpunt van die wêreld is self onwaarneembaar („inapprehensible") maar dit is die noodsaaklike voorvereiste van elke waarneming, insover dit vanuit hierdie standpunt is dat alle fenomena onderskei en met mekaar in verband gebring word.[2]

Reeds by Kant is die bepalende rol van die waarnemer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

by alle waarneming aangewys.[3] Sy onderskeiding tussen noumenele en phenomenele wêrelde is niks anders as 'n beklemtoning van die onmoontlikheid van ooit 'n voorstelling te maak van 'n voorwerp wat nie in relasie tot 'n kennende subjek staan nie. Wat Kant egter uit die oog verloor het, is die belangrike konsekwensie dat die fenomenele wêreld soos dit vir een waarnemer voorkom, noodwendig moet verskil van die voorkoms daarvan vir enige ander waarnemer. Die essensiële in my kennis van die wêreld is dat ek dit ken. My perspektief van die wêreld is oneindig. „The whole world of appearance" sê Heim[4], „is subjective, since its adjustment to the experiencing subject can never be eliminated". Hierdie universele kenmerk van my wêreld, naamlik dat ek dit ken, is ook die beginsel op grond waarvan my wêreld absoluut van jou wêreld verskil.[5] 'n Blote kwantitatiewe vermeerdering van my kennis kan nooit kennis van jou wêreld bring nie, omdat jou wêreld gekenmerk word deur die nuwe, en eweseer universele kwaliteit, dat dit in relasie staan tot jou. Jou wêreld het 'n ander perspektiewe middelpunt as myne, en omdat die perspektiewe middelpunt die bepalende faktor is, is die hele wêreld soos jy dit sien anders as die wêreld soos dit vir my bestaan.[6]

Die saak word deur Heim[7] as volg gestel:

> I remain evermore within my world, the world as I see it. I cannot take the smallest step outside it. I can never come face to face with

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> world of another. For me that world is at once unapproachably far off and incredibly near at hand. Both worlds are infinite. There is no wall of partition at which my world ceases to be and the world of another begins.

Hiermee hang ten nouste saam die feit dat elke wêreld net een perspektiewe middelpunt kan hê. 'n Ander self wat binne my wêreld van waarneming val, is assulks nie n perspektiewe middelpunt nie, want daardie plek is vir een gereservoer, die „ek" vir wie se waarneming alles die stempel van „dit" dra. Dit volg dat daarvir die „ek" qua perspektiewe middelpunt van 'n wêreld van voorwerpe, geen weg is na 'n ander „ek" nie.[8)]

Voorts is daar in hierdie primêre relasie tussen subjek en objek 'n verskil wat nie uit te druk is in terme van kwantiteit nie. Ons kan nie op grond van die waarneming van voorwerpe redeneer na die bestaan van die perspektiewe senter nie, omdat die bestaanswyse van laasgenoemde nie uit te druk is in terme van objektiwiteit nie.[9)] Dit is onmoontlik vir die waarnemer om terselfdertyd die waargenome te wees. Die verskil tussen „ek" en „dit" is dat die perspektiewe middelpunt <u>nooit</u> in die gebied wat onder observasie is, val nie.

> „That the I", volgens Heim[10)], „must stand on this side of the objective world and outside of it is shown by the simple and obvious fact, the basis of our understanding of the Ego: the point of observation is not itself capable of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> being observed. As soon as a point can be observed, it ceases to be the point of observation".[11]

Die verskil tussen die wêreld van voorwerpe en sy perspektiewe middelpunt is dieselfde as dié tussen die verlede en die teenwoordige. Die teenwoordige kan nooit uitgedruk word in terme van die verlede nie ondat dit „a duration whose purely intensive dimension is definable only in terms of itself"[12] is. Die teenwoordige is derhalwe onkenbaar in terme van die verlede.[13] Dearby kom die feit dat die verlede geen bestaan het sonder die teenwoordige nie.[14] Die verlede is die aktualiteit waarvan die teenwoordige die nog ongevormde potensialiteit of moontlikheid is. Die tyd is dus niks anders as 'n heel unieke <u>beweging</u> nie. Dit is die oorgang vanaf die nie-bestaande moontlikheid na die reedsbestaande aktualiteit. Dit is <u>wording</u>.[15]

Die verlede is dit waarvan die lot beslis is. Dit is nie verby in die sin dat dit opgehou het om te bestaan nie, maar in die sin dat dit <u>onherroepelik</u> is.[16] Dit is geheel-en-al betroubaar en seker. Dit is die wêreld van wetmatigheid en ordelikheid, waaroor daar met sekerheid oordele gevel kan word. Dit is boweal <u>bekend</u>.[17]

Die saak word deur Buber[18] as volg saamgevat:

> The "I" of the primary word "I-It", that is, the "I" faced by no "Thou", but surrounded by a multitude of "contents", has no present, only the past. Put in another way, in so far as man rests satisfied with the things he experiences and uses, he

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> lives in the past, and his moment has no present content. He has nothing but objects. But objects subsist in time that has been.... The object is not duration but cessation, suspension, a breaking off and cutting clear and hardening, absence of ... present being.

Hierteenoor is die bestaan van die perspektiewe middelpunt in die teenwoordige onseker, onbekend[19] en vry. Al wat seker is, is <u>dat</u> daar n beslissing ten opsigte van die objektiewe wêreld sal plaasvind, maar <u>wat</u> die beslissing gaan wees is onsegbaar. Die bestaan van waarnemende self is die nie-bestaan van oneindige moontlikheid[20], want dit is, in die woorde van Heim[21] „presentness, becoming, the note of the Not-yet-decided."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voetnote en Aantekenings - Hoofstuk 3.

1) Pp. 46-48. Sien ook H.W. Carr: A Theory of Monads p. 43: abstracted from mind and purely in itself real existence is a many which cannot possess any principle of unity to secure uniformity, for pure time and pure space possess no privileged point such as exists in the experience of an observer. The diversity of the world so considered is absolute. But this is to deny to the concept we have formed the very condition which alone can make it the object of scientific knowledge.

Ook A.C. Ewing: Idealism, p. 56 v. In order to determine what something is we must first think what it would be for a mind fully and discriminatingly aware of it.. Thus, ultimately, we can only think of unperceived physical things in terms of a possible observer, in the sense that we must think them as if they were objects of actual present experience or rather of conscious perception.

2) Heim: Op. cit. p. 72. „It would be absurd to ask what the reality is like apart from the consciousness which is always there to cognise it." Die beginsel dat die feit van die perspektiewe middelpunt die bepalende rol speel by die waarneming van die wêreld, bied die waarskynlikste verklaring van die relatiwiteit van die ervaring van voorwerpe. Dieselfde voorwerp word as groter en kleiner waargeneem namate die afstand van die waarnemer varieer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit volg dat enige grootte wat as eie aan die voorwerp toegeskryf word, bloot arbitrêr moet wees. H.W. Carr verduidelik die saak as volg (Op. cit. p. 47): When we look at an object through a telescope or a microscope we describe the effect as magnification of the object, in the one case a distant object, in the other a near one, yet it is quite clear that the object undergoes no kind of alteration whatever. If then we try to correct our statement we shall probably say that the object is unchanged, but its appearance is magnified, but this is not only a contradiction in terms but also a gross inaccuracy. An appearance can not be magnified, and the new appearance is not only different in proportions, but also in kind.... What in fact happens is neither change in the object, nor in its appearance, but <u>change in the observers perspective.</u> (my kursivering).

3) Sien hierbo p. 9.

4) Op. cit. p. 94.

5) Hierdie absolute verskil tussen die wêrelde van perspektiewe middelpunte vind uitdrukking in die onmoontlikheid om mekaar ooit werklik te verstaan. Misverstand is ingeweef in die saambestaan van mense met mekaar. Sien Heim op. cit. p. 84 vv.

6) Die betekenis van so 'n beskouing is duidelik. <u>Geen kommunikasie tussen subjekte of perspektiewe middelpunte kan ooit pleasvind op grond van hul waarneming van dieselfde</u>

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wêreld nie. Want afgesien van die feit dat ons uit die aard van die saak nooit kan weet of ons dieselfde wêreld waarneem nie, staan die waarneming van subjekte in die teken van uitsluiting, d.w.s. jou waarneming van die wêreld is essensiëel verskillend van myne. In die lig hiervan is Leighton se beskouing van 'n gemeenskaplike wêreld van fisiese voorwerpe, toeganklik vir alle selwe, klaarblyklik onjuis. (Sien Man and the Cosmos p. 86 v. The physical world is the spatial and temporal continuum in which we meet act and suffer; that is, our individual experiences are believed to be similar aspects of the same continuum). Hoewel Leighton self sê: „each individual has his own continuum of experience, his own world", kan hy of wil hy nie die implikasies hiervan konsekwent deurvoer nie. Ons word genoodsaak om hom op die vingers te tik en te sê: „You can't eat your cake and have it!"

7) Op. cit. p. 86.

8) Eintlik is dit 'n self-kontradiksie om in hierdie verband te praat van „'n ander ek". Ibid p. 159: It belongs to the essential conditions of my existence that this simple alternative holds good: I can either be the person I am; and then I cannot be the other man; or I am the other person, and then I cannot be the person I now am.... It is of the essence of the I to be in the singular. I can stand at only one place, if I am the centre-point of my

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

world-picture.

9) Hiervan het reeds Hume getuig waar hy sê (aangehaal deur Leighton: Man and the Cosmos, p. 302): For my part, when I enter most intimately into what I call myself, I always stumble on some particular perception or other, of heat or cold, light or shade, love or hatred, pain or pleasure. I never catch myself at any time without a perception, and can never observe anything but the perception.

10) Op. cit. p. 105. Sien ook Leighton: Man and the Cosmos. p. 302. „We cannot <u>be</u> a certain phase of conscious process and pulverize it at the same instant. When we introspectively examine and analyse mental processes we are not catching the self in the full tide of its life." Sien voorts J.A. Laird: Problems of the Self: p. 202: The unity of consciousness cannot be merely the combination of component processes. Even if we could thus speak of a centre of unity of an organism or machine, we must employ a different conception in the realm of the psychical. In this instance we have on our hands a totally new fact.

11) Die verskil tussen waarnemer en waargenome is <u>essensiëel</u> en nie <u>aksidenteel</u> nie. Dit is dus nie die verskil tussen 'n geheime en 'n openbare bestaan, met die implikasie dat die geheime altyd as gevolg van een of ander omstandigheid openbaar <u>kan</u> word nie. Sien Buber: I and Thou, p. 5: „Inner things and outer things, what are they but things

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

and things and things? I experience something.... If we add "secret" to open experiences, nothing in the situation is changed. How self-confident is that wisdom which perceives a closed compartment in things, reserved for the initiate and manipulated only with a key. O secrecy without a secret! O accumulation of information! It, always it!"

12) Ibid. p. 30.

13) Sien Ewing op. cit. p. 42. Since a process of cognition must always take time, it is difficult to see how we can ever know the present. For even if the act of knowing itself is instantaneous, the auxiliary thought-processes involved must occupy some short time-period.

14) Sien Leighton: Man and the Cosmos, p. 505. Every idea of time, from the crudest to the most abstract, has its roots in the present experience. No past has actuality or meaning which is not involved in the living present.

15) Die begrip van 'n onveranderlike „iets" wat verander is reeds afgewys. Sien hierbo p. 25. Volgens O. Spengler (The Decline of the West, p. 53) is die teenstelling tussen synde en wording die bron van alle wanbegrippe oor die tyd. Hy sê: The popular distinction - current also in philosophy - between "being" and "becoming" seems to miss the essential point in the contrast it is meant to express. An endless becoming - "action", "actuality" - will always be thought of also as a condition, and therefore ranked

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in the category of "being". On the other hand, out of the results we do in fact obtain by and in consciousness, we may, with Goethe distinguish as final elements "becoming" and "become".

Sien ook Leighton: Man and the Cosmos, p. 224.

Sien ook S. Kierkegaard: Philosophical Fragments, pp. 60-62.

16) „The most tragic fact about life, is the utter impossibility of changing that which has happened" - Galsworthy.

17) Dit wil sê, die onbekende is nie onkenbaar nie. Vir elke geheim is daar 'n verklaring in die lig van bestaande kennis.

Sien W.T. Stace: op. cit. p. 46. What is meant in philosophy by the unknowable is something which, apart from all accidental circumstances, is such that the constitution of our minds is radically incapable of knowing it, something which is totally outside any conceivable human knowledge, something from which we are completely cut off, not by distance, lack of instruments and the like, but by the nature of our mental processes.

18) I and Thou, pp. 12, 13. Ook Heim: op. cit p. 111: What presents itself to us so that we may have a spectator's view of it, is never the world in the process of becoming, but always what has already become.

19) Sien Leighton: Man and the Cosmos, p. 505. A present

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

cannot strictly be defined. It eludes the very conditions of precise definition since, as soon as one takes the first step towards apprehending it in thought it has already become past.

20) S. Kierkegaard: Philosophical Fragments, p. 60. This change is clearly not a change in essence but in being; it is a transition from not-being to being..... But a being of this kind (non-being) which is nevertheless a non-being, is what we know as possibility.

21) Op. cit. p. 120.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4.

DIE PRIMÊRE EK-JY-RELASIE.

Heim se uitgangspunt voer hom tot die onvermydelike slotsom, dat daar 'n onkenbare is.[1] Dieselfde primêre relasie tussen die subjek en die objek wat kennis van die objek moontlik maak, maak kennis van die subjek onmoontlik. Daardeur word die subjek ingesluit binne die eensaamheid van sy eie subjektiwiteit.[2] Dit is dus duidelik dat, indien die subjek hierdie uiterste vereensaming, hierdie absurditeit van 'n oneindigheid waarop die stempel van subjektiwiteit afgedruk is[3], wil ontkom, daar nie langer op hierdie een uitgangspunt voortgebou kan word nie. Daar moet 'n nuwe uitgangspunt gesoek word, 'n <u>ander</u> primêre relasie.

Hierdie nuwe primêre relasie staan dialekties teenoor die primêre relasie tussen 'n perspektiewe middelpunt en sy wêreld van voorwerpe. Dit wil sê, dit wat op grond van laasgenoemde relasie onmoontlik is, naamlik kommunikasie met 'n ander perspektiewe middelpunt,[4] word op grond van die nuwe primêre relasie moontlik. En aangesien die relasie wat kennis van voorwerpe moontlik maak, saamhang met die bepaalde bestaanswyse van die perspektiewe middelpunt[5], is die nuwe primêre relasie die negasie van daardie bestaanswyse.

"The I of the primary word I-Thou", sê M. Buber[6], "is different from the I of the primary

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> word I-It. The I of the primary word I-It makes its appearance as individuality and becomes conscious of itself as subject (of experiencing and using) The I of the primary word I-Thou makes its appearance as person and becomes conscious of itself as subjectivity (without a dependent genitive).

Dit hang saam met die feit dat die subjek nie net 'n wese is wat dink nie, maar ook 'n wese wat handel.[7] Die menslike situasie is 'n morele situasie. In sy bestaan in die teenwoordige word daar tot die mens gespreek deur 'n ander, ook in die teenwoordige. En hierdie spreek-akte in die teenwoordige lê op hom die las om te antwoord. Hiervan spreek Buber[8] wanneer hy sê „in a receptive hour of my personal life a man meets me about whom there is something, which I cannot grasp in any objective way at all, that 'says something' to me". Wat van die mens 'n verantwoordelike wese maak, is dat „a word demanding an answer has happened to me".[9] Want die ontmoeting van persone, in teenstelling met die relasie tussen 'n perspektiewe middelpunt en sy voorwerp, word altyd gekenmerk deur wederkerigheid. Daar is altyd 'n eis en 'n bekentenis.

Daar is altyd aksie en lyding[10]. Die gebeurtenis van ontmoeting is terselfdertyd die inneem van die een „ek"-posisie en die prysgee daarvan. Dit is die wordingsbestaan van 'n „ek" wat ook 'n „nie-ek" is. Die probleem van ontmoeting is nooit „opgelos" nie, want sê Heim:[11]

> "Thou" and "I" cannot come into contact by one general act of mutual disclosure, but only from

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> case to case in the struggle for a concrete decision, in which one and the same individual event is active in one "space" and passive in another.

Die ontmoeting word moontlik deur die woord.[12] Dit is die „a priori of relation, the inborn Thou".[13] Dit is a gawe. Die self kan dit nie verdien, of hom daarvoor voorberei, of dit verklaar in die lig van reedsbestaande kennis nie. Die ontmoeting vind plaas sonder sy toedoen. Want, om Buber se woorde te gebruik:[14]

> The world which appears to you in this way is unreliable, for it takes on a continually new appearance; you cannot hold it to its word. It has no density, for everything in it penetrates everything else; no duration, for it comes even when it is not summoned, and vanishes even when it is tightly held.

Kortom, die „ek-jy"-relasie is nie die „ek-dit"-relasie nie. Die „ek-jy" is in relasie tot die „ek-dit" die self se „capacity for self-transcendence"[15]

Dat daar egter tussen hierdie twee primêre relasies op onverklaarbare wyse die nouste verband bestaan, word aangedui deur die feit dat die inhoude van die perspektiewe middelpunt se wêreld, waarvan die gesproke en verneemde woord deel uitmaak, kan dien as tekens van die handeling in die teenwoordige waarin die „ek" en „jy" in woordeloosheid mekaar aanspreek. En hierdie verband word beklemtoon deur die feit dat daar nie een enkele inhoud binne die wêreld van waarneming is, wat uitgesluit kan word van die moontlik-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heid om 'n teken te wees nie.[16] Hierdie dubbele aspek van die gesproke woord, dat dit 'n teken is, vind uitdrukking in die feit dat, naas die gewone funksie daarvan as draer van informasie, wat direk of onmiddellik verstaanbaar is, dit kan heenwys na iets anders, wat nie direk of onmiddellik verstaanbaar is nie. Want „a sign is the negation of immediacy."[17] Die gesproke woord is derhalwe nie self die ontmoeting, of selfs die middel tot die ontmoeting nie, maar dit is die teken daarvan, en dit slegs vir een wat langs 'n ander weg van die ontmoeting weet.

> It is only when there is such a non-objectifiable meeting behind the hearing or reading of the uttered word, that the sound of the word, or the assemblage of letters which compose it, attains the invisible distinction by which it is lifted out of its whole material environment, and so distinguished from all other sounds and figures, as the place at which the other person opens himself to me.[18]

Die tekens van die ontmoeting is dus nie buitengewone dinge, geruk uit die gewone verband waarin dinge tot mekaar staan nie. Hulle is die voorwerpe van ons alledaagse waarneming. Hierin is geleë die feit van die saambestaan van die twee primêre relasies.

Dit is inderdaad 'n abstraksie om net van die een of net van die ander te praat. Dit is nie moontlik vir die mens om uitsluitlik in die „ek-jy"-relasie te staan nie. „This is the exalted melancholy of our fate" verklaar Buber[19]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

„that every Thou in our world must become an It". En voorts,[20] „There are not two kinds of man, but two poles of humanity. No man is pure person and pure individuality... Every man lives in the twofold I". Kennis van die nie-objektiewe is nie moontlik sonder kennis van die objektiewe nie.[21]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voetnote en Aantekeninge - Hoofstuk 4.

1) Die onvermydelikheid van die onkenbare word selde deur filosowe toegegee. Die alternatief is natuurlik om die self ook as 'n voorwerp tussen ander voorwerpe te beskou. Volgens W.T. Stace bestaan daar net een vlak van realiteit en dit is die vlak van die objektifiëerbare. Sien op. cit. pp. 46-49. It is indisputable that all knowledge is conceptual. And the ability to apply suitable concepts to a thing constitutes knowledge of that thing. Now existence is a concept. Therefore to say that an unknowable exists is to apply a concept to the unknowable... there is nothing in the universe which the human mind cannot know, neither the infinite, nor the absolute, nor the thing-in-itself.... The word existence has no meaning except the possibility of being known, the possibility of being an object to consciousness. (my kursivering)

So 'n beskouing is natuurlik 'n miskenning van die bepaalde bestaanswyse van die self in die teenwoordige. Kierkegaard druk dit as volg uit (Concluding Unscientific Postscript, p. 68): While objective thought translates everything into results, and helps all mankind to cheat, by copying these off and reciting by note, subjective thought, puts everything in process and omits the result; partly because this belongs to him who has the way, and partly because as an existing individual he is constantly

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in process of coming to be which holds true of every human being who has not permitted himself to become objective, inhumanly identifying himself with speculative philosophy in the abstract..... The positiveness of historical knowledge is illusory, since it is approximation-knowledge; the speculative result is a delusion. For all this positive knowledge fails to express the situation of the knowing subject in existence. (p. 75).

M. Buber (Between Man and Man, p. 128) en S.R. Hopper (The Crisis of Faith, pp. 236-243) wys daarop dat reeds Augustinus gewonder het oor dit in die mens „which cannot be understood as a part of the world, as a thing among things" en homself die vraag gestel: wie is jy? Die bestaan van die self het dus nie behoort tot die verklaarde sekerheid van die bestaan van voorwerpe nie.

2) Sien Hopper, op. cit. p. 81 oor Kant: Each mind was shut up in its own perceptions and withdrawn from essences by its very nature, so that it could know representations of things only and never things in themselves. Ook p. 83: The contemporary mind.... is locked in a tower of hopeless subjectivity, from which there is no egress into truth and in which the spiritual life starves to death from a surfeit of its own barrenness.

3) Die logiese konsekwensie van sulke eksklusiwiteit is solipsisme en van solipsisme sê Hopper (Ibid. p. 79) dat dit geen kontradiksie bevat nie, maar dat dit absurd is,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wanneer dit met die maatstaf van die praktyk gemeet word.

4) Sien hierbo p. 42. Ook Buber: Between Man and Man, p. 3: behind all attitude is entrenched the impenetrable inability to communicate himself.

5) Hopper: op. cit. p. 192. The fact that man exists and that he knows that he exists (the "I am, therefore I am a thinker" formula) is a primary datum and presupposition of all investigation. It is the assumed instrument of awareness whereby analysis of the human situation may be undertaken.

6) I and Thou, p. 62. Sien ook p. 64. Individuality makes its appearance by being differentiated from other individualities. A person makes his appearance by entering into relation with other persons.... we do not mean by this that person in any way "gives up" his special being, his being different - only that <u>his being is not his observation-point</u>, <u>but simply there</u>, <u>the necessary and significant conception of being</u>. (my kursivering)

7) Hopper: op. cit. p. 193: Man is not merely the creature which thinks; he is also the creature that is free to accept or reject, to choose between alternate possibilities.

8) Between Man and Man, p. 9.

9) Ibid. p. 10.

10) In die grammatiese betekenis van bedrywende en lydende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vorm. Heim beklemtoon dat hierdie spanning tussen aksie en lyding tot die wordingsgebied behoort en nie tot die reedsgeworde nie. Daar is geen objektiewe merkteken waardeur tussen die twee onderskei kan word nie.

11) Op. cit. p. 167.
Sien ook Buber: I and Thou, p. 11: The Thou meets me. But I step into direct relation with it. Hence the relation means being chosen and chosing, suffering and action in one; just as any action of the whole being, which means the suspension of all partial actions and consequently of all sensations of actions grounded only in their particular limitation, is bounded to resemble suffering.

12) Heim beskrywe die Woord as volg (op. cit. p. 168): The Word is that element of my consciousness, which has the prerogative above everything else, of being the place at which the Other and his consciousness world is disclosed to me. Die Woord is 'n gebeurtenis waarvan Buber (Between Man and Man p. 12) skryf: What occurs to me says something to me, but what it says cannot be revealed by any esoteric information; for it has never been said before nor is it composed of sounds that have ever been said. It can neither be interpreted nor translated, I can have it neither explained nor displayed; it is not a what at all, it is said into my very life; it is no experience that can be remembered independently of the situation it remains the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

address of that moment and cannot be isolated, it remains the question of a questioner and will have its answer.

13) Buber: I and Thou, p. 27.

14) Ibid.: p. 32.

15) S.R. Hopper: Op. cit. p. 234 vv. The whole effort (of Hume) is self-contradictory; for in the very effort to scrutinise itself by objectifying itself as the sum-total of its isolated perceptions, the self makes itself its own object - it looks away from itself. But this is precisely a witness to the soul's capacity for self-transcendence.

16) Buber: Between Man and Man, p. 10. No kind of appearance or event is fundamentally excluded from the series of the things through which from time to time something is said to me. Nothing can refuse to be the vessel fro the Word. The limits of the possibility of dialogue are the limits of awareness.

17) S. Kierkegaard: Training in Christianity p. 124. A nautical mark is a sign. Immediately it is a post, a light, or some such thing, but a sign it is not immediately, that it is a sign is something different from what it immediately is.... a sign is a sign only for one who knows that it is a sign.

18) Heim: op. cit. p. 169.

19) Buber: I and Thou, p. 16.

20) Ibid.: p. 65.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

21) Hiermee gee ons nog geen verklaring van wat die verband tussen die twee relasies is nie, maar slegs dat daar 'n verband bestaan. Hulle kan klaarblyklik nie in die relasie van oorsaak en gevolg tot mekaar staan nie. Dit impliseer ook nie dat die een absoluut en die ander relatief is, soos Bergson dit wou hê, nie. Sien hierbo p. 31.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5.

DIE DIMENSIONELE SKEMA.

Die taak van die filosofie is, volgens Leighton[1], „the resolution of all oppositions, the annulment of all contradictions in a harmonious totality of insight". Die presupposisie by so 'n taakstelling is, dat dit moontlik is om vanuit een primêre gegewe te ontwikkel na 'n begrip van die geheel.[2] Daar bestaan geen verskil wat die rede nie deur middel van sigself kan begryp nie. Sodra daar van iets gesê word dat dit van iets anders verskil, word kennis van die verskil geïmpliseer. 'n Verskil word geponeer slegs as daar 'n gemeenskaplike element bestaan op grond waarvan 'n vergelyking getref kan word. Daar kan dus nie 'n absolute verskil bestaan nie.[3]

Wanneer Heim dan beweer dat ten opsigte van die „ek-jy"-relasie die kennis van die „ek-dit"-relasie „an endless approximation"[4] is, en dat die een relasie nie uitgedruk kan word in terme van die ander nie, sodat ons hier te doen het met 'n absolute verskil, dan is sy doelstelling klaarblyklik nie „a harmonious totality of insight" nie. Filosofies sou die bestaan van twee relasies wat mekaar uitsluit[5] onmoontlik wees.

Maar vir Heim is die uitspraak van die ervaring belangriker as dié van die wet van die uitgeslote midde. Dat daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n saambestaan is van dit wat „mutually exclusive" is, is 'n onmiddellike indruk van die realiteit waarvan niemand hom kan losmaak nie.[6] Dit blyk reeds uit die feit dat in die wêreld van ervaring daar twee maniere van onderskeiding bestaan. In die geval van voorwerpe wat dieselfde vlak beklee, bestaan daar 'n gemeenskaplike grenslyn, sodat die begin en die einde duidelik aangedui kan word. Die verskil kan uitgedruk word in terme van afstand of duur.[7] In die wiskunde word daar egter onderskei tussen <u>oneindige</u> vlakke. Die verskil kan nie kwantitatief uitgedruk word nie. Die horisontale lyn kan tot in die oneindigheid verleng word, sonder dat daar ooit 'n vertikale lyn ontstaan. Die moontlikheid van 'n vertikale vlak word uitgesluit deur die feit van 'n oneindige horisontale vlak. Tog word hul saambestaan nooit in twyfel getrek nie.[8]

In hierdie feit van die verskil tussen oneindige vlakke binne die wêreld van ervaring is daar 'n wetmatigheid met implikasies ver buite die gebied van die wiskunde.

> „It is possible" sê Heim[9], „to apply the structural principle embodied in the relation of co-ordinates to a relation which does not admit of verification by the senses. This happens when I seek to find, for the structure of the dimensional boundary, a formula so general that, whereas spatial co-ordinates may be regarded as a special instances of such a relation, an analogous relation may be recognised in the sphere where sensible representation is not possible.

Die saambestaan van oneindighede kan alleen uitgedruk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word in terme van paradoks. 'n Oneindigheid is dit wat daarop aanspraak maak dat dit die hele realiteit beslaan. Aangesien die geheel nie gelyktydig deur twee oneindighede verteenwoordig kan word nie, staan hulle tot mekaar in die relasie van of-of. Maar juis omdat hulle oneindig is maak albei daarop aanspraak dat hulle dieselfde realiteit beslaan, Hierin is geleë die feit van hul saambestaan, 'n feit „which cannot be conceptually apprehended".

Hierdie paradoksale eenheid en verskil is geldig van alle continua waarvan gesê kan word dat hulle oneindig is. Want alle oneindighede moet mekaar ontmoet.[11] Hierdie ontmoeting is nie die uitwissing van die verskil nie, maar vind uitdrukking in die paradoksale feit dat dieselfde inhoud aan albei oneindighede behoort sonder om deur hulle gedeel te word.[12] Daar sal dus altyd, sonder uitsondering, by die ontmoeting van oneindighede paradoks uitbreek. Die wetmatigheid vind uitdrukking in die feit dat 'n verskynsel waarvoor daar in die lig van 'n bepaalde aantal diemensies 'n verklaring is, met een minder dimensie onverklaarbaar sal wees, vanweë die kontradiksie daarin vervat.[13]

Die primêre „ek-jy-dit"-situasie waarin die self hom aantref, word gekenmerk deur sodanige dimensionele transkendensie. Die wêreld van die perspektiewe senter is oneindig en word onderskei van perspektiewe senter self, wat uiteraard nie binne sy eie wêreld kan staan nie, en van die wê-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

relde van ander perspektiewe senters, wat eweseer oneindig is.[14)]

Insover alle teorieë oor die ontstaan van die kennis van voorwerpe hulle vasgeloop het, aan die een kant teen die onmoontlikheid om die bestaan van twee kenbronne wat absoluut van mekaar verskil te erken, en aan die ander kant teen die ongenoegsaamheid van net een kenbron as verklaring van sodanige kennis[15)], is dit van belang om vas te stel watter lig die dimensionaliteit van relasies binne die primêre „ek-jy-dit"-situasie op hierdie probleem werp.

Die probleem van kennis is een wat die naïewe bewussyn[16)] nie hinder nie, omdat dit as die vanselfsprekende grondslag van alle praktiese aktiwiteit aangeneem word, naamlik die vraag na die identiteit van die subjektiewe siening van die voorwerp met die insigselfbestaande voorwerp.[17)] Volgens die beskouinge van Kant en Bergson[18)] moet daar <u>verandering</u> kom, voordat die identiteit, wat kennis moontlik maak, ontstaan, naamlik aan die een kant die verandering van die voorwerp om by die vorms van die bewussyn in te pas en aan die ander kant die verandering van die konsep om by die veranderende voorwerp aan te pas. Afgesien van die feit dat sodanige geworde identiteit kennis onmoontlik maak, terwyl dit 'n [illegible][19)] beteken, berus dit volgens Heim op 'n ongeoorloofde <u>petitio principii</u>. Daar word naamlik sondermeer aangeneem dat daar 'n aanvanklike verskil be-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staan tussen die voorwerp van die subjek se waarneming en die voorwerp soos dit daar uitsien as dit nie binne die waarnemingsgebied van die subjek staan nie. Ex hypothesi is dit egter onmoontlik om van so 'n verskil bewus te wees, omdat daar op grond van die primêre kennis-relasie nooit 'n wete kan wees wat nie die wete is van die voorwerp soos dit bestaan vir die subjek se waarneming nie. Die subjek kan dus selfs nie weet dat daar 'n voorwerp onafhanklik van sy waarneming bestaan nie.[20)]

Die beswaar teen bogenoemde beskouings is nie dat hulle die wete van die verskil by hulle kennis-leer inbegryp nie, maar dat hulle weier om die problematiese in die bestaan van so 'n wete in te sien. Dit is juis die „unanswerable problem of epistemology"[21)] hierdie, in die lig van die subjek se kennis van voorwerpe, onverklaarbare[22)] „awareness of the inadequacy of the picture as compared with the object"[23)] wat 'n weet van ons nie-weet is.

Omdat 'n kwantitiewe vermeerdering van die kennis van voorwerpe uit die aard van die saak nooit tot die ontstaan van hierdie wete kan lei nie, kan dit verklaar word slegs deur die ponering van 'n absolute verskil. Hierdie verskil is die kennis, op grond van die nuwe „ek-jy"-relasie[24)], van 'n „ander oneindige" perspektief wat die paradoksale eienaardigheid besit, dat dit die bestaan van „my" perspektief absoluut uitsluit en tog daarmee verenigd staan op grond

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die feit dat albei perspektiewe is van dieselfde realiteit. Hierdie „selfde realiteit" is dit wat buite die bereik van die subjek se kennis van voorwerpe lê. In die lig van wat gesê is oor die spesiale wetmatigheid van dimensionele relasies[25], is dit duidelik dat ons hier te doen het met 'n geval waar dit wat in die lig van die een dimensie van die „ek-dit"-relasie, naamlik die wete van die verskil tussen die voorwerp van die subjek se waarneming en die voorwerp soos dit daar uitsien wanneer dit buite die waarnemingsgebied van die subjek val, onverklaarbaar is vanweë die kontradiksie daarin vervat deur die byvoeging van die nuwe dimensie van die „ek-jy"-relasie verklaar word.

Netsoos die verskillende aspekte van 'n voorwerp nie bymekaargetel kan word om 'n begrip van die voorwerp as geheel te bied nie, insover elke aspek hoort tot 'n oneindige vlak wat geen kontinuïteit met ander oneindige vlakke vertoon nie[26], so kan die voorwerpe, soos deur verskillende perspektiewe middelpunte waargeneem, nie bymekaargetel word om 'n begrip van die voorwerp in sy onafhanklikheid[27] te gee nie. Die voorwerp van kennis word van die onafhanklik-bestaande voorwerp geskei deur 'n verskil wat analoog[28] is met die wyse waarop dimensionele vlakke van mekaar verskil.[29] En dit is op grond van die dimensionele wetmatigheid, dat oneindighede mekaar <u>moet</u> ontmoet[30], die „inapprehensible unity of dimension", waardeur die dimensionele verskil tog

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nooit opgehef word nie, dat die perspektiewe middelpunt weet dat dit nie waar is dat „each mind was shut in to its own perceptions and withdrawn from essences by its very nature, so that it could know representatives of things only and never things in themselves."[31)]

> „Objectivity and Subjectivity" aldus Heim[32)], „cannot be marked off as two different contents...."

Die analogie van die relasie waarin dimensionele vlakke tot mekaar staan maak dit voorts duidelik dat die self-kanskendensie van die kennis-relasie nie 'n absurde <u>saltum mortale</u> is nie.[33)] Dit maak die Kantiaanse definisie van die <u>a priori</u> as „such knowledge as is absolutely independent of all experience"[34)] verstaanbaar. Hierdie „absolutely independent knowledge" wat die logiese beginpunt van observasie is, kan nie self deur observasie bereik word nie.[35)] Die aanvang van alle observasie deur die perspektiewe middelpunt is die feit van die perspektiewe middelpunt se bestaan.[36)] Dié bestaan wat nie omskrywe kan word in terme van iets anders nie, omdat dit reeds by alle omskrywing betrokke is, en wat nie gedemonstreer kan word nie, omdat dit deur alle demonstrasie geïmpliseer word[37)], transkendeer die kennis waarvan dit die altyd-teenwoordige grond is. Die bestaan self in die twee onmiddellik-gegewe relasies van die „ek-dit" en die „ek-jy" is die <u>a priori</u> wat absoluut verskillend is van alle kennis deur waarneming of refleksie. Hierin is geleë die onoplosbare paradoks van kennis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voetnote en Aantekeninge - Hoofstuk 5.

1) Man and the Cosmos, p. 7.

2) Sien Bertil Pfannenstil: Bernard Bosanquet's Philosophy of State, p. 119. Hy haal Bosanquet aan: „I only know in Philosophy one method, and that is to expand all the relevant facts, taken together, into ideas which approve themselves to thought, as exhaustive and self-consistent". Hy laat dan volg „But if this method alone is accepted, it must be assumed that the different facts of experience can be logically co-ordinated; otherwise philosophy will be rendered impossible.

3) W.T. Stace, op. cit. p. 47. It is only possible to be aware of a limit to anything by knowing what is beyond the limit. No one could be aware of the end of a straight line unless he were aware of the empty space beyond the end. Hence if knowledge itself has any absolute limit we could not be aware of the fact; for we could only know the limit by being aware of what is beyond the limit.

Ook Kirkegaard: Philosophical Fragments, p. 35. The Reason cannot even conceive an absolute unlikeness.

4) Op. cit. p. 93.

5) Heim besig die terme „absolutely different" en „mutually exclusive" in een asem. Op. cit. p. 93.

6) Ibid. p. 47. Die erkenning van kontradiksies in die onmiddellike ervaring word deur baie van die sisteemdenkers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as hul uitgangspunt aanvaar. Sien J.E. Turner: The Philosophic Basis of Moral Obligation, p. 93. The consideration of specifically ethical problems is best advanced here, in my opinion, by beginning from a somewaht unusual standpoint - that is by fully acknowledging the reality of this apparently absolute antithesis between freedom and necessity". Hy kla dat by Mill „the opposition has been overcome by simply abolishing one of the terms of the antithesis". 'n Soortgelyke houding word deur Henry Jones ingeneem t.o.v. die botsing tussen rede en openbaring. A Faith that Enquires, p. 59. The refusal of both the religious and the intellectual consciousness to withdraw or modify their testimony as to whom is real becomes decisive. The contradiction cannot be avoided. The terms of it cannot be softened. The contrast of the sacred and the secular, infinite and finite, in all its forms must be admitted in its fullness. Then and not till then will the possibility of a solution arise and the contradiction be found to be a condition of reality and the work of conflicting terms.

7) Vir 'n volledige katalogus van al die inhoudsverskille sien Leighton: Man and the Cosmos, pp. 137-141.

8) Onder die hoof <u>The Meanings of the Infitite</u> (Man and the Cosmos, p. 480) skryf Leighton: The second meaning of the infinite is the unlimited, the unbounded. For example the absolute boundlessness of space, the absolute endlessness

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of time, the absolute inexhaustibleness of energy, the endless duration of life." Hy word skynbaar nie gehinder deur die feit dat dit 'n kontradiksie is om te praat van meer as een oneindigheid nie. „An infinitude" sê Heim (op. cit. p. 64) „can be thought of only as that which covers the whole of reality, besides which there can be nothing else. Two infinitudes cannot divide reality between them, so that each gets a part of it. For then they would not be infinitudes, but entities quantitively limited. An infinitude always purports to include the whole of existence".

9) Ibid. p. 234.

10) Ibid. p. 93.

11) 'n Dimensie is 'n rigting. 'n Nuwe dimensie kan dus nooit parallel met 'n ander dimensie loop nie. Daar <u>moet</u> dus ontmoeting wees. Ibid. p. 71.

12) Loc. cit. Between two infinite magnitudes there can be contact only when there is an element which belongs in its entirety to each of the spaces and yet thereby does not become two elements but remains one and the same.

13) Die wetmatigheid is met opset anders gestel as deur Heim (p. 53) omdat Friedrich Traub (Ibid. p. 239) daarop wys dat 'n twee-dimensionele wese wat nie bewus is van 'n derde dimensie nie, ook nie bewus kan wees van 'n kontradiksie nie. Daar bestaan dus geen behoefte aan 'n derde dimensie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie, omdat daar geen kontradiksie is wat verwyder moet word nie. Maar 'n drie-dimensionele wese kan wel weet van die kontradiksie as een van sy dimensies verwyder sou word.

Die saak word deur James Jeans (The Mysterious Universe p. 109) as volg verduidelik: Imagine a race of blind worms, whose perception is limited to the two-dimensional surface of the earth. Now and then spots of the earth would sporadically become wet. We, whose faculties range through three dimensions of space, call the phenomenon a rain-shower, and know that events in the third dimension of space determine absolutely and uniquely, which spots shall become wet and which remain dry. But if the worms, unconscious even of the existence of the third dimension of space, tried to thrust all nature into their two-dimensional framework, they would be unable to discover any determinism in the distribution of wet and dry spots; the worm-scientists would only be able to discuss the wetness and dryness of the minute areas in terms of probabilities which they would be tempted to treat as ultimate truth.

14) Die saak word in breë trekke deur Heim uitgewerk in Op. cit. Hff. IV en V, pp. 103-172. Sy bevinding is dat al die beginsels wat ruimtelike dimensies beheers in die „ek-dit"- en „ek-jy"-relasies teruggevind word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15) Sien hierbo die kritiek op die beskouings van Kant en Bergson, pp. 13 vv en 25 v. Sien ook Leighton: Man and the Cosmos, p. 72: Once the epistemological monism of the naïve realist is abandoned, philosophy seems committed to a phenomenalistic view of knowledge, from which there is no escape except by way of the transcendence of the knowledge relation in some ineffable and incommunicable experience or mystic intuition. How can knowledge transcend itself and remain knowing? Must it not die to live again in some sort of immediate experience, an aboriginal flow of feeling or self-transcending intuition if the self is to reach reality?

16) Ons is nog almal naïef, wanneer ons nie vasgevang word in die drang om „objektief", „belangeloos", dit wil sê, nie onsself nie, te wees nie. Selfs die post-Kopernikaanse wetenskaplike kan hom nie losmaak van onjuiste uitdrukkings soos „sonsopkoms" en „sonsondergang" in sy gewone omgangstaal nie.

17) Die probleem word deur Carr (A Theory of Monads, p. 281) as volg gestel: In order to discover the meaning of cognition we must reflect upon experience and bring it before the mind as an object of analysis. The moment we do so we become aware of a logical discrepancy between the object of knowledge as real and the knowledge of the object as ideal, and this discrepancy is the first form in which

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

knowledge becomes a problem of philosophy.

18) Sien hierbo pp. 3-39.

19) Sien Kierkegaard: Philosophical Fragments p. 60. Ook Concluding Unscientific Postscript, pp. 170, 200.

20) Heim, op. cit., p. 47. Every thought we form concerning the relation between the world as it is and the world as we see it, is fated in advance to be a speculative tresspass beyond the limits of our thought.

21) Ibid. p. 91.

22) Die verklaring wat berus op die implikasies vir ons kennis as ons nie die wete van hierdie verskil aanvaar nie - Sien A.C. Ewing, op. cit. p. 17: if (the idealist) holds he cannot transcend his own ideas, if he holds that the object cognised must be dependent on or inseperable from the cognition of it so that it cannot have being or that he has no right to assert that it has except as and when cognised, he must apply this not only to the physical world but to other human minds to past events to universal laws, to the very principles which he has himself asserted - is per slot van sake nie n verklaring van die wete wat buite die kennis van voorwerpe lê nie, maar van wete wat nog kontinuïteit met sulke kennis besit.

23) Heim, op. cit. p. 92.

24) Sien hierbo p. 52.

25) Sien hierbo p. 65.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

26) Sien Bergson: An Introduction to Metaphysics p. 4. Were all the photographs of a town, taken from all possible points of view, to go on indefinitely completing one another, they would never be equivalent to the solid town in which we walk about.
Ook Heim, Op. cit. p. 61 vv.

27) Ons besig die terminologie van A.C. Ewing, op. cit. p. 262: By the 'belief in independent physical objects' I shall mean the belief that there are some entities.... which exist when not perceived or sensed by any human being.

28) Heim, op. cit. p. 234.

29) Ibid. p. 93. I know that I cannot cross the boundaries of my consciousness; and yet I am aware that my knowing is directed to something beyond the field of my consciousness. Why is it that knowledge can never reach the reality which it is seeking? The boundary which we here desire to cross is not a boundary of content. If so it might be taken as a goal which could sooner or later be attained. But it is a boundary of dimension, a boundary between infinitudes.

30) Sien hierbo p. 65.

31) Hopper: op. cit. p.81.

32) Op. cit. p. 94.

33) Leighton: Loc. cit. How can knowledge transcend itself and remain knowing?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

34) Watson: op. cit. p. 24.

35) Sien S. Kierkegaard: Concluding Unscientific Postscript, p. 102: How do I put an end to the reflection which was set up in order to reach the beginning here in question? Reflection has the remarkable property of being infinite. But to say that it is infinite is equivalent in any case, to saying that it cannot be stopped by itself; because in attempting to stop itself it must use itself .... reflection can only be stopped by something else, and this something else is something quite different from the logical, being a resolution of the will.

36) S. Kierkegaard: Philosophical Fragments: p. 31. I always reason from existence, not toward existence, whether I move in the sphere of palpable sensible fact or in the realm of thought.

37) Heim, op. cit. p. 234.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SLOT.

Die doel van Heim se ondersoek na die fundamentele ek-jy-dit-situasie is om die grense van reflektiewe denke aan te dui. Hierin herhaal hy, as denkende individu, wat Sören Kierkegaard[1)] reeds genoem het „the supreme paradox of all thought" naamlik: „the attempt to discover something that thought cannot think". Natuurlik kan refleksie vir homself geen absolute grens vind nie.[2)] Nou is dit juis na ons mening die meriete van Heim se werk, dat hy, met die baie bekende feit van dimensionele begrensing as analogie, aangetoon het dat dit nie onmoontlik is nie om die, in die lig van refleksie self, onverklaarbare wete van die absolute grens van refleksie, te verstaan as die insnyding van 'n gans ander kenwyse. Maar die bestaan van 'n kenwyse wat refleksie absoluut transkendeer, is op sy beurt nie te verklaar nie. Ons kom dan te staan voor die anomalie dat die verklaringsbeginsel waardeur die antinomie in reflektiewe kennis verstaanbaar gemaak word, self onverklaarbaar is. Die volgende woorde van Kierkegaard[3)] kan goedskiks in die mond van Heim gelê word:

> „Such is my experience, you know that I have had the opportunity to devote much time to the investigation and reflection, and yet the sum total of all my researches amounts at most to this, that it must be impossible to understand.

Die ponering van die paradoks as die wet van die saam-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bestaan van die primêre relasies op grond waarvan kennis moontlik word, is die erkenning dat dit per slot van sake „onmoontlik is om te verstaan".

Die eksistensiële situasie[4] wat denke voorafgaan maak dit onmoontlik om van die paradoks as 'n skynbare kontradiksie,[5] wat deur die toevoeging van 'n nuwe denkkategorie verwyder kan word, te praat. Die paradoks is altyd teenwoordig. Elke ken-akte word moontlik gemaak deur die paradoksale saambestaan van oneindighede. Dit is egter nêt hy wat „the a priori of relation the inborn Thou"[6] in actu[7] realiseer wat van die paradoks kan weet.

Die konsekwensies van Heim se standpunt is duidelik. In die eerste plek volg dit dat die feit dat dit onmoontlik is om ooit 'n verklaring van kennis te gee, nie daarmee die feit van kennis tot 'n onmoontlike absurditeit[8] maak nie. Die paradoks is immers nie vreemd aan die ervaring nie. Trouens die mees onmiddellike gegewens van die wiskunde, naamlik die saambestaan van oneindige vlakke, is reeds paradoksaal.

Voorts eis die eksistensiële situasie dat die perspektiewe middelpunt nie sal poog om deur abstraksie, deur beklemtoning van die een pool van die antinomie ten koste van die ander, of deur 'n „hoër sintese" waardeur die antitese tot skyn verval, die absolute verskil in die situasie te verwyder nie. Ons kan niks beter doen as om hier die woorde van M. Buber[9] aan te haal nie:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> „He who wishes to carry through the conflict of the antinomy other than with his life transgresses the significance of the situation. The significance of the situation is that it is lived, and nothing but lived, continually, ever anew, without foresight, without forethought, without prescription, in the totality of the antinomy."

Die paradoks kan nie gedink word nie, maar dit kan geleef word. Deur te leef, deur elke oomblik ten opsigte van die nog-nie-geworde met verantwoordelikheid te beslis, deur „the venture which chooses an objective uncertainty with the passion of the infinite"[10], kry die kennis van die perspektiewe middelpunt 'n sin wat die verwydering van kontradiksies deur reflektiewe denke daaraan nooit kan gee nie.

Tenslotte hang ten nouste saam met die feit dat Heim nie 'n oplossing van die epistemologiese probleem bied nie, die feit dat wat hy wil meedeel, nie 'n nuwe ontdekking is, wat hy op grond van 'n ondersoek na die algemene menslike situasie gedoen het nie.[11] Die bestaansreg van die kenwyse waarop die geldigheid van kennis van voorwerpe berus, kan bewys word „only if I enter by my mode of being into the relation in question".[12] Die bedoeling van Heim se werk sou derhalwe gemis word as die leser daarin sou sien 'n poging om hom deur die meedeling van nuwe feite aangaande sy bestaan daartoe te beweeg om tot 'n sekere relasie toe te tree. Dit moet gesien word as niks meer as 'n aanval op die wêreldbeskouing wat die bestaan van die ek-jy-relasie ont-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ken op grond van die beginsel dat 'n absolute transkendensie van die primêre ek-dit-relasie onmoontlik is. Heim bewys dus nie vir ander die bestaan van die ek-jy-relasie nie, want dit is iets wat elkeen vir homself deur verantwoordelike beslissing in die teenwoordige moet bewys. Wat hy wel bewys is dat die <u>moontlikheid</u> van so 'n relasie nie uitgesluit kan word nie. Daarin lê sy verdienste.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voetnote en Aantekeninge - Slot.

1) Philosophical Fragments, p. 29.

2) 'n Absolute grens sluit in kennis van dit wat buite die grens bestaan. Maar as refleksie, deur middel van sigself, weet waardeur dit begrens word, dan is dit nie die absolute grens van refleksie nie. Sien W.T. Stace, op. cit. p. 47.

Sien ook S. Kierkegaard: Concluding Unscientific Postscript, p. 102. How do I put an end to the reflection which was set up in order to reach the beginning here in question? Reflection has the remarkable property of being infinite. But to say that it is infinite is equivalent, in any case, to saying that it cannot be stopped by itself; because in attempting to stop itself it must use itself, and is thus stopped in the same way that a disease is cured when it is allowed to choose its own treatment, which is to say that it waxes and thrives.

3) Ibid. p. 204.

4) Die „eksistensiële situasie" is dié van wording waarvan niks ooit met finaliteit en sekerheid gesê kan word nie. In sy uiteensetting wys Kierkegaard (Philosophical Fragments, pp. 60-71) dat selfs kennis van die geworde, juis omdat dit deur wording tot stand gekom het, altyd die element van onsekerheid moet bevat. Voorts wys hy daarop (Concluding Unscientific Postscript, p. 181) dat dit slegs

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vanuit „the abstract point of view" is dat „the correspondence between thought and being is always finished."

5) Ibid, p. 209. The improbable and paradoxical are not reached by the understandings quantitative calculation of the more and more difficult.

6) M. Buber: I and Thou, p. 27.

7) Heim: op. cit. p. 167. "Thou" and "I" cannot come into contact by one general act of mutual disclosure, but only from case to case in the struggle for concrete decision in which one and the same individual event is active in the one "space" and passive in the other.

8) In die praktyk is dit nie die beginsel van kontradiksie nie, maar die beginsel van absurditeit wat deurslaggewend is. Sien Hopper op. cit. p. 79. No matter how logically self-consistent the system may or may not be within itself, it is obviously absurd that the propounder of the system, in propounding what was more important than anything else in the world should, by a series of irrefutable propositions, delete himself from the system which was to mean life or death for him, and which was to enable him to walk securely - as if it were possible for one to saw onself off speculatively from a limb of the cosmos and so dangle indifferently in a speculative void.

9) I and Thou, p. 95.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

10) S. Kierkegaard: Concluding Unscientific Postscript, p. 182.

11) Ibid. p. 257. What essentially interests a thinker is not to be presented with some information afterwards, but to become contemporary with the existing individual in his existence... a result is something external, and a communication of results is an external relation between a knower and a non-knower.

12) Heim: Op. cit. p. 234. Sien ook M. Buber: I and Thou p. 111: the meaning does not permit itself to be transmitted and be made into knowledge generally current and admissible... The meaning that has been received can be proved true by each man only in the singleness of his being and the singleness of his life.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BOEKELYS.

Berdyaer, N. „Freedom and the Spirit". Geoffrey Bles; The Centenary Press. 1944.

Bergson, H. „An Introduction to Metaphysics". MacMillan; 1913.

_____ „Creative Evolution". MacMillan, 1928.

Buber, M. „Between Man and Man". Kegan Paul, Londen, 1947.

_____ „I and Thou". T. and T. Clark, Edinburgh, 1944.

Caird, J. „The Critical Philosophy of Kant". Maclehouse, 1909.

Carr, H.W. „The Philosophy of Change". MacMillan, 1914.

_____ „The Principle of Relativity". MacMillan, 1920.

_____ „A Theory of Monads". MacMillan, 1922.

De Ruggiero, G. „Existentialism". Secker and Warburg, Londen, 1946.

Driesch, H. „Man and the Universe". George, Allen and Unwin, 1929.

Ewing, A.C. „Idealism". Methuen, 1934.

Gunn, J.A. „Bergson and his Philosophy". Methuen, 1920.

_____ „The Problem of Time". George, Allen and Unwin, 1929.

Heim, K. „God Transcendent". Nisbet, 1935.

_____ „The New Divine Order". S.C.M. Londen, 1930.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoernlé, R.F.A. „Idealism". Hodder and Stoughton.

Hopper, S.R. „The Crisis of Faith". Abingdon Cokesbury, 1944.

Jeans, J. „The Mysterious Universe". Cambridge, 1932.

_____ „Physics and Philosophy". Cambridge, 1943.

Jones, W.T. „Contemporary Thought of Germany". (Vol. I). Norgate, 1930.

Jones, H. „A Faith that Enquires". MacMillan, 1922.

Kant, I. „Critique of Pure Reason". George Bell and Sons, 1893.

_____ „Prolegomena to any Future Metaphysics". Chicago, 1902.

Kierkegaard, S. „Concluding Unscientific Postscript". Humphrey Milford, Londen, 1945.

_____ „Philosophical Fragments". Princeton, 1944.

_____ „Training in Christianity". Humphrey Milford, Londen, 1944.

Knudson, A.C. „The Philosophy of Personalism". Abington Press, 1927.

Laird, J. „Problems of the Self". MacMillan, 1917.

_____ „Recent Philosophy". Thornton Butterworth.

Leighton, J.A. „The Field of Philosophy". D. Appleton-Century Co., 1930.

_____ „Man and the Cosmos". D. Appleton-Century Co., 1922.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mead, G.H. „The Philosophy of the Present". Open Court Publishing Co., 1932.

Otto, R. „The Idea of the Holy". Oxford, 1946.

Pfannenstil, B. „Bernard Bosanquet's Philosophy of the State". Ohlsson, Lund, 1936.

Pringle-Pattison, A.S. „The Idea of God". Oxford, 1920.

Russell, B. „The Problems of Philosophy". Oxford, 1943.

_____ „Our Knowledge of the External World". / Open Court Publishing Co. 1914.

Spengler, O. „The Decline of the West". 2 Vols. Alfred Knupf, New York, 1946.

Stace, W.T. „The Philosophy of Hegel". MacMillan, 1924.

_____ „The Theory of Knowledge and Existence". Oxford, 1932.

Stout, C.F. „Mind and Matter". Cambridge, 1931.

Taylor, A.E. „Elements of Metaphysics". Methuen, 1930.

Turner, J.E. „The Philosophic Basis of Moral Obligation". MacMillan, 1924.

Watson, J. „The Philosophy of Kant". Maclehouse, 1901.

Ongepubliseerde Proefskrifte.

De Villiers, W.R. „Die wese van die Teenwoordige". Univ. Stell. 1945 (M.A.).

Kirsten, J.F. „Doelbegrip by Bergson" - 2 dele. Univ. Stell. 1935 (Ph. D.).